

(2) Die Raad mag, in sy diskresie, die versoek toestaan, in welke geval enige ondersoek van die betrokke applikant, tydens die verloop daarvan, beëindig moet word, waarop die bepalings van regulasie 28 van toepassing sal wees met die nodige veranderinge, asof die ondersoek afgehandel is.

#### **Aanhoor van aansoek**

21.(1) Die Raad moet, ten opsigte van elke aansoek, 'n aanhoor belê op die wyse bedoel in artikel 37 van die Wet, nie later nie as –

- (a) 30 dae na die voltooiing van die ondersoek bedoel in artikel 35 van die Wet; of
- (b) indien die applikant vereis word om 'n antwoord op die verzoek te verskaf in ooreenstemming met regulasie 15(6), 30 dae na die datum waarop die applikant vereis word om sodanige verzoek te rig.

(2) Die Raad mag, nie later nie as 30 dae na die voltooiing van die ondersoek bedoel in artikel 35 van die Wet, 'n aanhoor belê deur die Raad met betrekking tot enige aansoek om registrasie as 'n vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer.

(3) 'n Aanhoor, soos bedoel in subregulasie (2), is nie oop vir die publiek nie.

#### **Gronde vir bevinding van applikant as nie 'n geskikte en gepaste persoon nie**

22. Die Raad mag, indien die applikant in 'n aansoek aan die Raad –

- (a) enige valse verklaring van wesenlike feit aflê, wetend dat dit vals is;
- (b) nalaat om enige wesenlike feit te vermeld wat vereis word om daarin vermeld te word; of
- (c) nalaat om enige wesenlike feit te vermeld, wat deur die weglating daarvan misleidend is,

bevind dat 'n applikant nie 'n geskikte en gepaste persoon ingevolge artikel 32(1)(l) van die Wet is nie.

#### **Geleentheid om diskwalifiserende omstandighede reg te stel**

23.(1) 'n Applikant onderworpe aan enige diskwalifikasie kragtens die Wet moet, voor die Raad beslis oor die aansoek, 'n redelike tydperk, wat nie 60 dae oorskry nie, gegun word om die diskwalifiserende omstandighede reg te stel, soos bepaal deur die Raad.

(2) As die Raad sou beslis dat die applikant nie in staat is om die diskwalifiserende omstandighede reg te stel nie, mag die Raad nie die applikant 'n geleentheid gun om die diskwalifiserende omstandighede reg te stel nie.

#### **Oordrag van lisensie**

24.(1) Wanneer ook al 'n lisensiehouer verlang om 'n lisensie oor te dra aan 'n ander persoon, moet hy of sy 'n aansoekbrief aan die Raad rig.

(2) Die bepalings van hierdie Deel, uitgesluit regulasie 13, is van toepassing, met die nodige veranderinge aangebring in 'n aansoek om 'n lisensie aan 'n ander persoon oor te dra.

#### **Verskuiwing van besigheid na ander perseel**

**25.(1)** Wanneer 'n lisensiehouer of geregistreerde verlang om 'n besigheid, gelisensieer of geregistreer volgens die Wet, te verskuif vanaf die perseel vermeld in die lisensie of registrasiesertifikaat na 'n ander perseel, moet sodanige lisensiehouer of geregistreerde skriftelik by die Raad aansoek doen om toestemming vir die verskuiwing van die besigheid na 'n ander perseel.

(2) Die Raad mag die aansoek toestaan met of sonder voorwaardes: Met dien verstande dat hy nie 'n aansoek toestaan nie –

(a) om die besigheid te verskuif na 'n perseel buite die gebied bepaal deur die Raad ten opsigte van daardie besigheid; of

(b) in die geval van 'n casino, vir verskuiwing van die casino na 'n perseel wat val buite die vereisde sone of gebied waarin die casino geleë moet wees ingevolge 'n bevel uitgereik deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad ingevolge artikel 47(1)(b) van die Wet.

#### *Deel 2*

#### *Bepalings betreffende alle Applikante, Lisensiehouers en Geregistreerde Persone: Aanhore en Uitreiking van Lisensies*

#### **Verrigtinge by aanhore**

**26.(1)** Die verrigtinge by 'n aanhoor moet, in soverre as wat dit nie deur die Wet voorgeskryf is nie, deur die Raad of deur die persoon wat voorsit by die aanhoor bepaal word: Met dien verstande dat alle verrigtinge te alle tye voldoen aan die reëls van natuurlike geregtigheid.

(2) Die Raad of die voorsittende persoon by 'n aanhoor mag die aspekte voorskryf wat gedek moet word in mondelinge voorleggings deur 'n persoon wat die geleentheid gegun word om gehoor te word by sodanige aanhoor, en mag die tydsbeperking bepaal vir sodanige mondelinge voorleggings.

#### **Rekord van verrigtinge by aanhoor**

**27.(1)** Die Raad of voorsittende beampte moet toesien dat notule van die verrigtinge gehou word by enige aanhoor.

(2) Mondelinge verrigtinge moet op sodanige wyse aangeteken word dat die bewaring daarvan voldoende verseker is en moet behou word deur die Raad vir 'n tydperk van ten minste drie jaar nadat die Raad sy skriftelike beslissing op 'n aansoek uitgereik het, of enige ander tydperk noodsaaklik vir die afhandeling van 'n appèl, ander wetlike verrigtinge of soos vereis deur enige ander wet.

(3) Mondelinge verrigtinge moet, op versoek van enige party, en by betaling van 'n fooi ten bedrae gespesifiseer in die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), getranskribeer word.

**Besluite, uitreiking van lisensies of registrasiesertifikate en hernuwing**

**28.(1)** Die Raad of 'n komitee moet sy skriftelike beslissing op alle aansoeke deur hom oorweeg uitreik, ingesluit die redes vir sy besluit.

(2) 'n Besluit van die Raad of 'n komitee tree in werking by die betekening van 'n kennisgewing van sodanige besluit.

(3) Indien die Raad of komitee 'n aansoek om 'n lisensie of registrasie goedkeur, moet die lisensiehouer of geregistreerde, binne 30 dae vanaf die betekening van sodanige kennisgewing van die Raad se besluit op die aansoek, aan die Raad die fooi, soos voorgeskryf in Bylae 2 van die Wet, betaal voor die uitreiking van die lisensie of registrasiesertifikaat.

(4) By ontvangs van die fooi bedoel in subregulasie (5) en by nakoming deur die applikant van enige vereistes van die Wet, moet die Raad die lisensie of registrasiesertifikaat onmiddellik uitreik.

(5) Tensy die Wet voorsiening maak dat 'n lisensie of registrasie op 31 Desember verval, moet elke lisensiehouer of geregistreerde, nie vroeër nie as 1 Januarie en nie later nie as 1 Februarie van elke jaar, aansoek doen om hernuwing van die lisensie of registrasie op 1 April van daardie jaar en moet terselfdertyd aan die Raad die fooi voorgeskryf in Bylae 2 van die Wet betaal.

(6) Indien 'n lisensie of registrasie uitgereik is na 1 Februarie van enige jaar, moet sodanige lisensiehouer of geregistreerde, nie later nie as 15 Maart van daardie jaar, aansoek doen om hernuwing van die lisensie of registrasie, soos die geval mag wees, en moet tegelykertyd aan die Raad die fooi voorgeskryf in Bylae 2 van die Wet betaal.

(7) Indien 'n registrasie hernubaar is by die verjaring van die uitreikingsdatum, moet die geregistreerde aansoek doen om hernuwing en die toepaslike fooi betaal, nie later nie as 60 dae voor die verjaring van die uitreikingsdatum.

(8) Die Raad mag nie 'n lisensie of registrasiesertifikaat uitreik tydens die maand van Maart van enige jaar nie, tensy dit van toepassing is op daardie registrasiesertifikate wat hernubaar is by die verjaring van die uitreiking van sodanige sertifikate.

*Deel 3**Bepalings betreffende alle Aansoeke, Lisensiehouers en Geregistreeerde Persone:  
Gesiktheid van Derde Partye en Dobbelttoeragente***Lisensiehouer moet besonderhede van besigheidskontrakte en –ooreenkomste openbaar maak**

29.(1) Wanneer ook al die Raad vereis dat 'n lisensiehouer die besonderhede bedoel in artikel 46(a) van die Wet openbaar moet maak, moet die Raad die inligting, wat as noodsaaklik geag mag word, aanvra vanaf die lisensiehouer deur die betekening van 'n kennisgewing, en sodanige kennisgewing moet die sperdatum vir ontvangs van die inligting so aangevra deur die Raad spesifiseer.

(2) Die Raad mag, nadat die lisensiehouer die geleentheid gebied is om aangehoor te word, die lisensiehouer gelas om die kontrak of ooreenkoms te wysig of beëindig teen 'n datum gespesifiseer deur die Raad.

(3) Wanneer ook al die Raad gelas dat 'n lisensiehouer 'n kontrak of ooreenkoms moet wysig of beëindig, moet hy die lisensiehouer redes gee vir sy besluit.

**Aansoek om gesiktheidsertifikaat deur sekere persone wat sake doen met lisensiehouer**

30.(1) 'n Aansoek om 'n gesiktheidsertifikaat bedoel in artikel 46(b) van die Wet moet –

- (a) gedoen word op die wyse en deur die gebruik van die vorm soos voorgeskryf deur die Raad in sy reëls;
- (b) vergesel gaan van die betrokke aansoekfooi soos voorgeskryf in Bylae 2 van die Wet; en
- (c) vergesel gaan van enige dokument en inligting soos vereis mag word deur die Raad.

(2) Die Raad mag 'n aansoek toestaan, onderhewig aan enige voorwaarde, of die Raad mag 'n aansoek vir 'n gesiktheidsertifikaat weier.

(3) Die bepalings van Deel 1, 2 en 3 van Hoofstuk 2 is van toepassing met die nodige wysigings wanneer ook al 'n persoon aansoek doen om 'n gesiktheidsertifikaat.

**Finansiële belange in houer van gesiktheidsertifikaat**

31. Die bepalings van Deel 4 van Hoofstuk 2 is van toepassing, met die nodige wysigings, op die houer van 'n gesiktheidsertifikaat.

**Opskorting of kansellasië van gesiktheidsertifikaat**

32. Die Raad mag, nadat dit die houer van die gesiktheidsertifikaat 'n geleentheid gebied het om aangehoor te word, sodanige sertifikaat opskort vir 'n gespesifiseerde tyd of sodanige sertifikaat kanselleer –

## 30

- (a) indien enige inligting in die aansoek om sodanige sertifikaat vals was in enige wesenlike opsig of onderhewig was aan enige wesenlike weglating;
- (b) indien die houer van die sertifikaat versuim het om te voldoen aan, of teenstrydig met enige term of voorwaarde van die sertifikaat of enige bepaling van die Wet, hierdie regulasies of die reëls van die Raad opgetree het; of
- (c) indien daar goeie redes is daarvoor en dit in die beste belang van die Raad se oogmerke en die behoorlike beheer en regulering van dobbelary is.

**Beëindiging van ooreenkoms of assosiasie**

33.(1) Indien die Raad –

- (a) 'n aansoek om 'n geskikheidsertifikaat weier; of
- (b) 'n geskikheidsertifikaat opskort of kanselleer,

moet 'n lisensiehouer die ontvangs van enige goedere of dienste deur sodanige aansoeker of houer van sertifikaat staak.

(2) Wanneer ook al 'n ooreenkoms of assosiasie tussen 'n lisensiehouer en sertifikaathouer beëindig word deur enigeen van die twee betrokke partye, moet beide partye onmiddellik die Raad van sodanige beëindiging in kennis stel.

**Bepalings van Deel van toepassing op geregistreerde vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer**

34. Die bepalings van hierdie Deel is van toepassing, met die nodige wysigings, op 'n geregistreerde vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer.

*Deel 4**Bepalings betreffende alle Aansoeke, Lisensiehouers en Geregistreerde Persone:  
Verandering in Finansiële Belange***Kennisgewing van verkryging van belang en aansoek om toestemming**

35.(1) Enige lisensiehouer of geregistreerde, gelisensieer of geregistreer volgens die Wet, wat bewus word van enige persoon wat, regstreeks of onregstreeks, 'n beherende belang, of enige finansiële belang verkry in die besigheid wat verband hou met die lisensiehouer of geregistreerde se lisensie of registrasie, moet die Raad onmiddellik, skriftelik, in kennis stel van –

- (a) die aard van die belang verkry; en
- (b) die naam en kontakbesonderhede van die persoon wat sodanige belang verkry het,

en moet daarna die Raad voorsien van sodanige verdere inligting soos die Raad nodig mag ag.

(2) Enige persoon wat regstreeks of onregstreeks 'n belang bedoel in subregulasie (1) verkry het moet, binne 14 dae, by die Raad aansoek doen om toestemming vir die besit van sodanige belang.

(3) Wanneer 'n persoon aansoek doen soos bedoel in subregulasie (2) om die aanskaffing van 'n finansiële belang van minder as vyf persent in die besigheid wat verband hou met die lisensie of registrasie, moet die Raad die aansoek oorweeg en mag –

(a) óf onmiddellik sy skriftelike goedkeuring verskaf vir die verkryging van die finansiële belang; óf

(b) die bepalings van artikels 32 tot 38 beskou as van toepassing op die aansoek om goedkeuring vir die besit van sodanige belang, en dat die aansoek dienoreenkomstig geadministreer moet word.

(4) 'n Aansoek om goedkeuring vir die verkryging of besit van 'n finansiële belang in enige casino, bingo, roete-operateur, onafhanklike perseeloperateur, perseeloperateurlisensiehouer of geregistreerde dobbelarytoerustingvervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer, moet gedoen word in 'n vorm bepaal deur die Raad en moet vergesel gaan van die relevante aansoekfooi voorgeskryf in Bylae 2 tot die Wet en enige dokumente en inligting soos deur die Raad vereis mag word.

(5) Wanneer 'n persoon 'n aansoek doen, soos bedoel in subregulasie (2), is die bepalings van Deel 1, 2 en 3 van Hoofstuk 2 van hierdie regulasies, uitgesluit regulasie 13, van toepassing, met die nodige veranderings aan sodanige aansoek.

#### **Bepaling van geskiktheid of ongeskiktheid van applikant**

**36.(1)** Die Raad mag 'n aansoek soos bedoel in regulasie 35(2) toestaan of weier.

(2) Wanneer ook al die Raad 'n applikant as ongeskik bevind om 'n belang te besit in die besigheid van enige lisensiehouer of geregistreerde, moet die Raad die aansoek weier.

(3) Indien die Raad 'n aansoek soos bedoel in subregulasie (2) weier, moet die applikant sodanige belang in die lisensiehouer of geregistreerde van die hand sit binne ses maande of binne sodanige langer tydperk soos, met goeie bewegegrede bewys, goedgekeur deur die Raad.

(4) Die Raad mag, te enige tyd nadat die Raad 'n persoon geskik bevind het om 'n belang te besit in die besigheid van 'n casino, bingo, roete-operateur of perseeloperateurlisensiehouer en nadat die Raad sodanige persoon die geleentheid gegun het om aangehoor te word, bevind dat sodanige persoon nie meer geskik is om met die besit van sodanige belang voort te gaan nie.

(5) Indien die Raad bevind dat die persoon ongeskik is om 'n belang te besit soos bedoel in subregulasie (4), moet sodanige persoon die belang in die lisensiehouer van die hand sit binne drie maande na die datum van die Raad se bevinding.

(6) Met inwerkingtreding vanaf die datum waarop die Raad die kennisgewing beteken het op 'n persoon wat of wie ongeskik bevind is ingevolge subregulasie (2) en (4), moet sodanige persoon die uitoefening, regstreeks of deur enige trustee of benoemde, van enige stemreg oorgedra deur die besit van die belang in die lisensiehouer staak.

#### **Prinsipale moet openbaar gemaak word**

37. 'n Persoon mag nie enige belang in 'n lisensie as 'n agent of benoemde vir 'n onvermelde prinsipaal of eienaar wat voordeel daaruit trek, besit of bekom nie.

#### *Deel 5*

#### *Bepalings betreffende alle Aansoeke, Lisensiehouers en Geregistreerde Persone: Werknemersregistrasie*

#### **Spesiale werknemers in diens geneem deur lisensiehouers of geregistreerdes**

38.(1) Vir die doeleindes van registrasie van spesiale werknemers ingevolge artikel 65 van die Wet –

(a) 'n persoon in diens geneem deur 'n casinolisensiehouer, bingolisensiehouer, 'n roete-operateur of 'n onafhanklike perseeloperateur, in 'n besturende hoedanigheid, moet alle persone insluit wat individueel, of as deel van 'n groep, bestuursbeleid vir die bedryf formuleer; en

(b) 'n persoon gemagtig deur 'n casinolisensiehouer, bingolisensiehouer, 'n roete-operateur of 'n onafhanklike perseeloperateur om besluite te neem wat die lisensiehouer se bedrywighede reguleer, moet insluit –

(i) enige persoon gemagtig om toesig te hou of 'n skof van elke dobbelary- of sekuriteitsaktiwiteit te bestuur, ingesluit, maar nie beperk nie tot, die toesighouding of bestuur van die kuilbedrywighede in geheel of enige ander dobbelarybedrywighede; en

(ii) enige persoon met die magtiging om sodanige persone te bestuur.

(2) Vir die doeleindes van subregulasie (1) is die Raad nie beperk nie in sy besluitneming ten opsigte van die status van spesiale werknemers, deur die titel van werk verrig, maar moet die funksies en verantwoordelikhede van die persoon of die betrokke werk in oorweging neem.

#### **Bewys van registrasie in werknemersrekord van lisensiehouer**

39. 'n Lisensiehouer of geregistreerde moet, ten opsigte van elke werknemer wat verplig is om geregistreer of gelisensieer te wees kragtens die Wet en hierdie Deel, 'n afskrif van sodanige werknemer se registrasiesertifikaat in sy of haar werknemersrekord hou.

**Opskorting of kansellasië van registrasie**

40. In die geval dat enige werknemer wat verplig is om geregistreer te wees ingevolge die Wet en/of gelisensieer ingevolge die Nasionale Dobbelwet, se registrasie –

- (a) gekanselleer word deur die Raad in ooreenstemming met die bepalings van artikel 71 van die Wet, die lisensiehouer of geregistreerde in wie se diens sodanige persoon is, moet summier die diens beëindig van daardie persoon in enige hoedanigheid waarin hy of sy vereis word om so geregistreer te wees; of
- (b) opgeskort word deur die Raad in ooreenstemming met die bepalings van artikel 71 van die Wet en moet die lisensiehouer in wie se diens sodanige persoon is summier die diens van daardie persoon, in enige hoedanigheid waarin hy of sy vereis word om sodanig geregistreer te wees, opskort vir die tydperk van opskorting deur die Raad.

**Part 6**

*Bepalings betreffende alle Aansoeke, Lisensiehouers en Geregistreerde Persone:  
Diverse Bepalings*

**Lisensie moet opvallend vertoon word**

41. 'n Lisensie uitgereik ingevolge die bepalings van die Wet moet opvallend vertoon word in 'n opsigtelike plek in of op die perseel van die gelisensieerde besigheid.

**HOOFSTUK 3  
CASINO'S**

*Deel 1*

*Casino's: Voorleggings vir Casino's en Aansoek om Lisensie*

**Uitreiking van versoek om voorleggings**

42.(1) Die Raad mag enige belanghebbende persoon uitnoui om 'n voorlegging in te dien vir casino-ontwikkelingsprojekte in die Provinsie na die uitreiking van 'n bevel deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad bedoel in artikel 47(1) van die Wet.

(2) Die versoek om voorlegging moet –

- (a) die getal lisensies wat uitgereik sal word aandui;
- (b) die evalueringsproses identifiseer wat die Raad moet volg om 'n voornemende lisensiehouer te selekteer, ingesluit enige aangeleentheid bedoel in 'n bevel uitgereik deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad ingevolge artikel 47 van die Wet, indien enige: Met dien verstande dat geen proses geïdentifiseer deur die Raad in konflik mag wees met sodanige ministeriële bevel;
- (c) onderhewig aan artikel 49 van die Wet, die kriteria identifiseer wat die Raad sal volg om 'n applikant aan wie die lisensie toegeken mag word te selekteer, ingesluit



daardie beleidskriteria vervat in 'n bevel van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad uitgereik ingevolge artikel 47 van die Wet, indien enige: Met dien verstande dat geen kriteria geïdentifiseer deur die Raad in konflik mag wees met die voorskrif; en

(d) die fooie van toepassing op die verskillende stadiums van die versoek om voorlegging insluit.

#### **Uitnodiging vir indiening van aansoek om casinolisensie**

43.(1) By voltooiing van die evalueringsproses bedoel in regulasie 42(2)(b), soos toegepas in die voorlegging vir 'n casino-ontwikkelingsprojek en na oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, moet die Raad die persone wat die voorlegging gemaak het uitnoui om aansoek te doen om 'n casinolisensie: Met dien verstande dat die Raad die voorlopige rangorde vir sodanige voorlegging, vir die doeleindes van seleksie van die applikant aan wie 'n lisensie uitgereik sal word, aandui in sodanige uitnodiging.

(2) Die uitnodiging bedoel in subregulasie (1) moet aandui dat die aansoek in ooreenkoms met die vereistes uiteengesit in die "Versoek om Voorlegging" dokument gedoen moet word en moet enige verdere vereistes van die Raad vir dokumentasie en inligting benodig om die aansoek te ondersteun, spesifiseer.

(3) Onderhewig aan regulasie 22, moet die Raad, by ontvangs van 'n aansoek bedoel in subregulasie (1), ingesluit die voorgeskrewe fooi, met die ondersoek bedoel in artikel 35 van die Wet begin.

#### **Kriteria vir casinolisensiëring**

44.(1) In die seleksie van 'n applikant om 'n casinolisensie, moet die Raad die kriteria verwys na in regulasie 42(2)(c) toepas.

(2) Die kriteria verwys na in subregulasie (1) moet toegepas word deur –

- (a) elke bod met al die ander mededingende botte om 'n casinolisensie in dieselfde sone betreffende elke kriterium afsonderlik te vergelyk;
- (b) punte toe te ken by elke kriterium in elke bod; en
- (c) die totaal van die puntetelling so toegeken te bereken.

(3) 'n Applikant om 'n casinolisensie moet die Raad tevrede stel dat sodanige applikant die wetlike titel van die grond waar die casino-aktiwiteit ontwikkel sal word besit en oor die finansiële en ander bronne noodsaaklik vir ontwikkeling beskik.

(4) Indien, in die opinie van die Raad, geeneen van die applikante om 'n spesifieke casinolisensie 'n geskikte bod-voorlegging vir 'n casinolisensie gemaak het nie, moet die Raad nuwe voorleggings ten opsigte van sodanige casinolisensie aanvra.

**Aansoek om casinolisensie**

45.(1) Enige persoon uitgenooi deur die Raad om aansoek te doen om 'n casinolisensie moet so doen in ooreenstemming met die voorwaardes van die uitnodiging bedoel in regulasie 43 en sodanige aansoek moet vergesel gaan van die aansoekfooi voorgeskryf in Bylae 2 van die Wet.

(2) Die bepalings van Deel 1, waar van toepassing, en Deel 2 en 3 van hierdie Hoofstuk, is van toepassing met die nodige veranderinge, wanneer ook al 'n persoon aansoek doen om 'n casinolisensie.

*Deel 2**Casino's: Monitering- en Beheerstelsels***Elektroniese-moniteringstelsel**

46.(1) 'n Casinolisensiehouer moet elektroniese rekords betreffende die elektroniese-moniteringstelsel in chronologiese volgorde vir 'n tydperk van vyf jaar stoor.

(2) Die Raad moet –

- (a) 'n algemene protokol bepaal om kommunikasie tussen die Raad en die casino se monitering- en beheerstelsels te fasiliteer; en
- (b) enige tussenvoering of die formaat van enige tussenvoering tussen die stelsels magtig.

(3) 'n Casinolisensiehouer moet alle dobbelmasjiene wat sodanige lisensiehouer beskikbaar maak vir spel verbind aan die monitering- en beheerstelsel soos goedgekeur deur die Raad in ooreenstemming met die bepalings van subregulasie (4).

(4) Die Raad mag 'n moniteringstelsel, bedoel in artikel 58 van die Wet, goedkeur, wat gesertifiseer is dat dit die toepaslike SABS standaard nakom en wat op sodanige manier ontwerp is dat dit –

- (a) rekord hou van die monetêre waarde geplaas in elke dobbelmasjien vir die doel om spel te aktiveer;
- (b) rekord hou van die monetêre waarde gedeponeer in die valluikhouer van elke dobbelmasjien wat 'n valluikhouer het;
- (c) rekord hou van die monetêre waarde outomaties uitbetaal deur elke dobbelmasjien;
- (d) rekord hou van die monetêre waarde uitbetaal per hand;
- (e) enige masjien van die rekenaarmoniteringstelsel identifiseer wat van lyn af gehaal word of aanlyn geplaas word, ingesluit die datum, tyd en identifikasienommer van masjien; en

## 36

(f) in staat is om enige inkomstetransaksies wat nie regstreeks gemonitor word deur daardie meters wat geld of monetêre waarde lees nie, te rapporteer soos, maar nie beperk nie tot, monetêre waarde in die masjien geplaas as gevolg van 'n stortbak-uitbetaling.

(5) Dit is 'n misdryf vir enige persoon om, op enige manier, te wysig of verander aan, die goedgekeurde moniteringstelsel bedoel in subregulasie (4) sonder die vooraf goedkeuring van die Raad.

*Deel 3**Casino's: Casinospelle***Tipes casinospelle toegelaat vir spel**

47. Die Raad moet, by aansoek aan die Raad deur 'n casinolisensiehouer, die tipes van casinospelle magtig wat gespeel mag word in of op die perseel van 'n casinolisensiehouer en sodanige spelle moet beheer word deur die Raad se reëls gemaak in ooreenstemming met die bepalinge van artikel 7(1)(m) van die Wet.

**Wedgelde en pryse vir casinospelle anders as dobbelmasjiene**

48.(1) Die wedgeld en pryse van toepassing op elke gemagtigde casinospel moet permanent vertoon word, hetsy by die tafel waar die casinospel gespeel word of op 'n opsigtelike plek onmiddelik langs die plek waar die spel gespeel word.

(2) Uitbetaalprogramme of pryskaarte moet akkuraat die werklike uitbetalings of pryse van toepassing op die bepaalde spel aandui en mag nie bewoord word op 'n wyse bedoel om die publiek te mislei of bedrieg nie.

**Dobbelmasjiene**

49.(1) Elke dobbelmasjien beskikbaar gestel vir spel moet 'n bevestigde persentasie van teoretiese opbrengs aan speler van nie minder nie as 80 persent lewer.

(2) Alle wenkombinasies, tesame met die ooreenstemmende pryse, word duidelik vertoon of is maklik toeganklik deur die speler by elke dobbelmasjien beskikbaar gestel vir spel.

*Deel 4**Casino's: Registrasie of Deregistrasie van Dobboltoerusting, Dobbelmasjiene of -spelle en Instandhouding daarvan***Dobboltoerusting, dobbelmasjiene en -spelle moet aan die SABS of standaard van die Raad voldoen**

50. 'n Casinolisensiehouer moet nie enige dobboltoerusting, dobbelmasjien of spel aanhou of in stand hou wat nie gesertifiseer en geregistreer is in ooreenstemming met regulasie 82 nie.

**Besit van dobbeltoerusting, dobbelmasjiene of -spelle**

51. Alle dobbeltoerusting, -masjiene of -spelle op casinopersele wat goedgekeur en geregistreer is deur die Raad, soos bedoel deur regulasie 82, moet ingesluit word in die Raad se rekords.

**Bedryf van - en instandhouding van dobbeltoerusting en dobbelmasjiene**

52.(1) 'n Casinolisensiehouer moet nie die bedryf van geregistreeerde dobbeltoerusting en dobbelmasjiene wysig sonder die vooraf goedkeuring van die Raad nie.

(2) 'n Casinolisensiehouer moet 'n instandhoudingsverskaffer gebruik om sodanige toerusting en masjiene in 'n aanvaarbare toestand te hou.

(3) Nieteenstaande subregulasie (2), mag 'n casinolisensiehouer instandhouding, herstel of wysiging van enige dobbeltoerusting, toestel of masjien verrig wat aangewend word deur die casinolisensiehouer in die bedryf van sy gelisensieerde aktiwiteite deur gebruik te maak van toepaslik-gekwalifiseerde of ervare personeel, met dien verstande dat sodanige toerusting, toestel of masjien in die goedgekeurde fisiese konfigurasie bly.

**Rekords gehou deur lisensiehouer**

53. 'n Casinolisensiehouer moet, vir 'n tydperk van vyf jaar, rekord hou van alle dobbeltoerusting, -masjiene en -spelle geregistreer in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Deel, ingesluit, maar nie beperk nie, tot vervaardiger, datum van aankoop, masjienreeksnommer, modelnommer, registrasienommer van die Raad en datum van deregistrasie deur die Raad.

*Deel 5**Casino's: Dobbelskyfies, Plakette, Tekenmunte, Geïntegreerdekringkaarte of Sigwaarde-Instrumente***Verduidelikende bepalings**

54. Die volgende tipes weddenskapmedia mag, onderhewig aan die bepalings van hierdie Deel, in 'n casino gebruik word –

- (a) 'n "dobbelskyfie" wat sirkelvormig moet wees, met of sonder 'n aangeduide randwaarde en wat gebruik word vir dobbelary op tafelspelle in 'n gelisensieerde casino;
- (b) 'n "plakket", hetsy vierkantig, reghoekig of ovaal in vorm, met 'n aangeduide randwaarde en wat gebruik word vir dobbelary in tafelspelle in 'n gelisensieerde casino;
- (c) 'n "tekenmunt" wat sirkelvormig in vorm moet wees, met 'n aangeduide randwaarde en wat gebruik word om outomatiese dobbeltoerusting te aktiveer in 'n gelisensieerde casino; en

(d) 'n "geïntegreerdekringkaart" wat soortgelyk moet wees in vorm en dimensie aan 'n kredietkaart en wat gebruik word om monetêre waarde te stoor en om outomatiese dobbelarytoerusting te aktiveer in 'n gelisensieerde casino.

#### **Ander sigwaarde-instrumente**

55.(1) 'n Casinolisensiehouer mag nie enige sigwaarde-instrument, anders as 'n goedgekeurde geïntegreerdekringkaart, dobbelskyfie, plakket of tekenmunt in 'n casino gebruik nie, tensy die Raad goedkeuring verleen het vir die gebruik van 'n spesifieke tipe sigwaarde-instrument.

(2) Die Raad mag, in sy diskresie, 'n aansoek om die gebruik van 'n sigwaarde-instrument anders as geïntegreerdekringkaarte, dobbelskyfies, plakette of tekenmunte weier of mag 'n aansoek toestaan, onderhewig aan enige voorwaardes wat hy beskou as toepaslik.

(3) Die bepalings van hierdie Deel is van toepassing op alle ander sigwaarde-instrumente: Met dien verstande dat die ontwerp, kleur, grootte en vorm van en die standaard vir sodanige sigwaarde-instrumente van so 'n aard is dat dit geredelik onderskeibaar is van die geïntegreerdekringkaarte, dobbelskyfies, plakette of tekenmunte goedgekeur deur die Raad ingevolge hierdie Deel.

#### **Prosedures by ontvangs van dobbelskyfies, plakette of tekenmunte vanaf vervaardiger of verspreider**

56.(1) By die aflewering van enige dobbelskyfies, plakette of tekenmunte deur die vervaardiger of verspreider daarvan, moet 'n casinolisensiehouer verseker dat 'n minimum van drie werknemers, wat elk in 'n afsonderlike departement in diens is en geregistreer moet wees as spesiale werknemer, tegelykertyd teenwoordig is om die afgelewerde dobbelskyfies, plakette of tekenmunte oop te maak en na te gaan.

(2) Nadat die dobbelskyfies, plakette of tekenmunte nagegaan is in ooreenstemming met die bepalings van subregulasie (1) moet die casinolisensiehouer die toepaslike aantekeninge teweegbring in die inventarisregister soos verwys na in regulasie 57.

(3) Sou die persone wat die dobbelskyfies, plakette en tekenmunte nagaan, vind dat daar enige defekte is in, of enige diskrepansie is tussen die vervaardiger of verspreider se faktuur of 'n ander dokument wat die dobbelskyfies, plakette en tekenmunte vergesel en die werklike dobbelskyfies, plakette en tekenmunte in ontvangs geneem, moet sodanige defek of diskrepansie onmiddelik by die Raad aangemeld word en besonderhede van die defek of diskrepansie en die rapportering daarvan aangeteken word in die inventarisregister.

(4) Enige dobbelskyfies, plakette en tekenmunte in ontvangs geneem in ooreenstemming met die bepalings van hierdie regulasie, wat nie bedoel is vir onmiddellike gebruik by 'n dobbeltafel of by 'n kassiersshok in die lisensiehouer se casino nie, moet in die

inventarisregister aangeteken word as reserwe-dobbelskyfies, plakette en tekenmunte en moet in 'n afsonderlike geslote kompartement, hetsy in 'n kluis of in die kassiershok, gestoor word deur die lisensiehouer.

#### **Inventarisregister van dobbelskyfies, plakette en tekenmunte**

**57.** 'n Casinolisensiehouer moet 'n inventarisregister hou van alle goedgekeurde dobbelskyfies, plakette en tekenmunte vir die doeleindes van aantekening van enige inligting vereis ingevolge hierdie Deel en vir die doeleindes van aantekening van die volgende inligting –

- (a) 'n beskrywing van die verskillende goedgekeurde dobbelskyfies, plakette en tekenmunte gebruik in die casino, ingesluit die denominasie daarvan;
- (b) die hoeveelheid van elke denominasie van die verskillende dobbelskyfies, plakette en tekenmunte opgeneem in voorraad by ontvangs daarvan vanaf die vervaardiger of verspreider;
- (c) die datum en die tyd waarop die dobbelskyfies, plakette en tekenmunte in ontvangs geneem en in voorraad opgeneem is;
- (d) die name en handtekeninge van die spesiale werknemers wat sodanige dobbelskyfies, plakette en tekenmunte ooggemaak en nagegaan het;
- (e) enige defekte of diskrepancies en die rapportering daarvan aan die Raad;
- (f) die denominasie en hoeveelheid van dobbelskyfies, plakette en tekenmunte geplaas in, verwyder uit, en terugbesorg aan die reserwe-inventaris;
- (g) daaglikse, maandelikse en jaarlikse inventarisse van dobbelskyfies, plakette en tekenmunte; en
- (h) enige ander inligting soos die Raad nodig mag ag.

#### **Aantekening van beweging van dobbelskyfies, plakette en tekenmunte**

**58.(1)** Wanneer ook al dobbelskyfies, plakette en tekenmunte benodig word in 'n kassiershok of by 'n dobbel tafel in die casino of vandaar terugbesorg word deur die lisensiehouer –

- (a) moet dit óf verwyder word uit óf teruggeneem word na die brandkluis of kassiershok, soos die geval mag wees, in die teenwoordigheid van ten minste drie casinowerknemers wat elk in 'n afsonderlike departement in diens is en elkeen geregistreer moet wees as 'n spesiale werknemer; en
- (b) moet die denominasie en hoeveelheid van enige dobbelskyfie, plaket en tekenmunt so verwyder of terugbesorg in die inventarisregister aangeteken word deur die geregistreerde casinowerknemers bedoel in paragraaf (a) van hierdie subregulasie, wat die inventarisregister moet dateer en die tyd van sodanige aantekening noteer.

(2) 'n Casinolisensiehouer moet, op 'n daaglikse basis, die onafgeloste aanspreeklikheid vir elke denominasie van dobbelskyfies, plakette of tekenmunte bereken en aanteken en moet 'n inventaris van dobbelskyfies, plakette of tekenmunte in sirkulasie teweegbring en die resultaat daarvan moet in die inventarisregister aangeteken word.

(3) 'n Casinolisensiehouer moet, ten minste op 'n maandelikse basis, die neem van 'n inventaris van dobbelskyfies, plakette of tekenmunte in reserwe teweegbring en die resultaat daarvan moet in die inventarisregister aangeteken word.

(4) Indien die inventarisprosedures die verseëling van die geslote kompartement inkorporeer, moet die casinolisensiehouer teweegbring dat die inventaris van dobbelskyfies, plakette of tekenmunte in reserwe ten minste jaarliks geneem word.

(5) Gedurende nie-dobbelure moet alle dobbelskyfies, plakette of tekenmunte in besit van die lisensiehouer in hetsy 'n brandkluis of die kassiershok gestoor word deur die lisensiehouer: Met dien verstande dat die dobbelskyfies verteenwoordigend van die tafelbankrol in 'n veilige kompartement by die tafel toegesluit mag wees: Met dien verstande dat die Raad verder bepaal dat daar genoegsame sekuriteit is om sodanige reëling toe te laat.

(6) Die prosedures wat gevolg moet word om die onaflosbare dobbelskyfies te bereken en om dobbelskyfies in sirkulasie en reserwes te inventariseer moet deur die lisensiehouer by die Raad ingedien word om goedkeuring.

#### *Deel 6*

#### *Casino's: Blootstelling van Minderjariges aan Dobbelry*

#### **Minderjarige dobbelry of blootstelling daaraan ontoelaatbaar**

**59.(1)** 'n Casinolisensiehouer of enige werknemer van sodanige lisensiehouer moet nie 'n persoon wat onder die ouderdom van 18 jaar is toelaat of vergun nie om –

- (a) 'n casino te betree, met die uitsondering om regstreeks na 'n ander kamer of area van die onderneming te beweeg: Met dien verstande dat indien sodanige minderjarige persoon geregistreer is as 'n spesiale werknemer volgens die Wet en handel in die normale gang van sy of haar werk as 'n spesiale werknemer, mag hy of sy in die casino bly totdat die betrokke werk voltooi is;
- (b) enige voedsel of drankies bedien te word in die dobbelarea van 'n casino;
- (c) as 'n speler, klant of wedder beskou te word;
- (d) komplimentêre dienste of items te ontvang as 'n gevolg van, of in afwagting van, sy of haar dobbelry in sodanige casino; of
- (e) geteiken te word vir advertensiedoeleindes per pos, enige dobbelry promosies of kompetisies.

(2) 'n Casinolisensiehouer en enige werknemer van sodanige lisensiehouer mag, te enige tyd, van enige persoon wat die casino en die dobbelarea van 'n casino betree of probeer betree, die voorlegging van enige van die volgende eis om die ouderdom van sodanige persoon te bepaal –

- (a) 'n geldige identiteitsdokument of paspoort uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake of deur 'n bevoegde uitreikingsowerheid in 'n ander land; of
- (b) 'n geldige bestuurslisensie uitgereik deur 'n geldige bestuurstoetsingsowerheid.

*Deel 7*

*Casino's: Kontanttransaksies*

**Sekere transaksies verbode**

**60.** 'n Casinolisen siehouer moet nie –

- (a) kontant vir kontant verruil nie, anders as om die klant in staat te stel om deel te neem aan dobbelary waar kontant gebruik word as wedgeld of om sodanige kontant te wissel na deelname aan dobbelary;
- (b) 'n tje k of enige ander onderhandelbare instrument uitreik of enige fondse oordra namens 'n klant in ruil vir kontant, enige ander onderhandelbare instrument, dobbelskyfies of tekenmunte nie, tensy sodanige lisen siehouer oortuig is van die klant se geregtigheid op die prysgeld van sodanige bedrag, ooreenkomstig 'n *bona fide* dobbeltransaksie.

*Deel 8*

*Casino's: Interne Beheer*

**Interne beheer**

**61.** Elke casinolisen siehouer moet, as deel van sodanige lisen siehouer se interne beheerstelsel, 'n beskrywing van die prosedure aangeneem deur sodanige lisen siehouer om nakoming van die regulasies te verseker, insluit.

**Minimum bedryfs- en interne beheerstandaarde vir casinolisen siehouer**

**62.(1)** Die Raad moet die minimum bedryfsstandaarde en minimum standaarde vir interne beheerprosedures bepaal en dit beskikbaar stel aan alle lisen siehouers en alle applikante om 'n casinolisen sie.

(2) Die Raad mag, van tyd tot tyd, enige van die standaarde bedoel in subregulasie (1) wysig, vervang of herroep, in welke geval sodanige wysiging, vervanging of herroeping beskikbaar gemaak moet word deur die Raad aan alle lisen siehouers en applikante om 'n casinolisen sie.

(3) Daar word van 'n casinolisen siehouer vereis om aan enige standaard soos aangeneem deur die Raad te voldoen en dit in sy Reëls te inkorporeer.

**Minimum interne beheer**

**63.(1)** 'n Casinolisen siehouer moet administratiewe- en rekenkundige prosedures instel en in stand hou vir die doel om sodanige lisen siehouer se aanspreeklikheid vir belasting en foie



volgens die Wet te bepaal en met uitoefening van doeltreffende beheer oor sodanige lisensiehouer se interne finansiële sake ten doel.

- (2) Die prosedures moet ontwerp word om redelikerwys te verseker dat –
- (a) bates beveilig is;
  - (b) finansiële rekords akkuraat en betroubaar is;
  - (c) transaksies uitgevoer deur werknemers in ooreenstemming is met bestuur se algemene of spesifieke magtiging;
  - (d) transaksies toereikend aangeteken word om behoorlike verslaglewering van dobbelary-inkomste en van fooie en belasting te veroorloof; en
  - (e) funksies, pligte en verantwoordelikhede toepaslik geskei en uitgevoer word, in ooreenstemming met grondige praktyke deur bevoegde, gekwalifiseerde personeel.

#### **Interne beheerstelsel goedgekeur deur Raad**

**64.(1)** Elke lisensiehouer en elke applikant om 'n lisensie moet, op sodanige wyse soos die Raad mag goedkeur of vereis, omvattend en skriftelik, sodanige lisensiehouer of applikant se interne beheer, administratiewe- en rekenkundige prosedures beskryf en moet dieselfde aan die Raad voorlê vir goedkeuring, voor die implementering van die prosedures.

- (2) Elke interne beheerstelsel ingedien vir goedkeuring moet insluit –
- (a) 'n organisatoriese diagram wat die skeiding van funksies en verantwoordelikhede voorstel;
  - (b) 'n beskrywing van die pligte en verantwoordelikhede van elke posisie aangedui op die organisatoriese diagram;
  - (c) 'n omvattende, verhalende beskrywing of 'n omvattende stelselstroomdiagram van die administratiewe- en rekenkundige prosedures ontwerp om te voldoen aan die vereistes van regulasies 62 en 63; en
  - (d) sodanige verdere inligting soos die Raad mag benodig.

(3) Indien die Raad bepaal dat 'n applikant of lisensiehouer se interne beheerstelsel nie voldoen aan die vereistes van hierdie Deel nie, moet hy die applikant of lisensiehouer dienoooreenkomstig, skriftelik, in kennis stel.

(4) Binne 30 dae na ontvangs van die kennisgewing bedoel in subregulasie (3) moet die applikant of lisensiehouer welke applikant of lisensiehouer se interne beheerstelsel dienoooreenkomstig wysig, en moet 'n afskrif van die gewysigde stelsel aan die Raad voorlê vir goedkeuring.

#### **Wysiging van bestaande interne beheerstelsel**

**65.(1)** 'n Lisensiehouer wat verlang om sodanige lisensiehouer se vorige goedgekeurde interne beheerstelsel te wysig moet, voor die implementering van sodanige gewysigde

stelsel, by die Raad 'n afskrif indien van die skriftelike interne beheerstelsel, soos gewysig, vir goedkeuring.

(2) Die bepalings van regulasie 70(2) tot (4) is toepaslik met die nodige veranderinge aan 'n aansoek om goedkeuring bedoel in subregulasie (1).

### *Deel 9*

#### *Casino's: Rekenkundige Rekords en Opbrengste*

#### **Rekenkundige rekords**

66.(1) 'n Casinolisenstehouer moet, op sodanige manier soos die Raad mag goedkeur of vereis, akkurate, volledige, leesbare en permanente rekords hou van alle sodanige lisenstehouer se transaksies.

(2) 'n Casinolisenstehouer moet –

- (a) algemeen-aanvaarde rekenkundige rekords hou op 'n dubbelinskrywing-rekenkundigestelsel en omvattende, ondersteunende en aanvullende rekords wat inkomste, uitgawes, bates, laste en aandele identifiseer;
- (b) individuele spelrekords hou wat die opvang, wen en die persentasie van wen-tot-opvang by tafel vir elke tafelspel reflekteer en die opvang, wen en die persentasie wen-tot-opvang vir elke tafelspel reflekteer, per dobbelarydag, en individuele spelrekords wat soortgelyke inligting vir alle ander spelle reflekteer;
- (c) dobbelmasjien-analiseverslae hou wat, ten opsigte van elke dobbelmasjien, omsette en uitbetalings reflekteer en wat die werklike hou-persentasies vergelyk met teoretiese hou-persentasies op 'n maandelikse, kwartaallikse en 12 maandelikse rolbasis;
- (d) die rekords hou wat vereis word deur die lisenstehouer se goedgekeurde interne beheerstelsel; en
- (e) enige ander rekords hou wat die Raad vereis.

#### **Geouditeerde finansiële verslae**

67.(1) 'n Casinolisenstehouer moet, teen die einde van sodanige lisenstehouer se finansiële jaar, voorberei of teweegbring om voorberei te word, jaarlikse finansiële verslae in ooreenstemming met verslae van Algemene Aanvaarde Rekenkundige Praktyk en wat voorgelê moet word in 'n goedgekeurde formaat of soos goedgekeur of vereis deur die Raad.

(2) 'n Casinolisenstehouer moet 'n onafhanklike ouditeur, geregistreer as werksaam in 'n openbare praktyk ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991), aanstel om sodanige lisenstehouer se finansiële verslae te audit in ooreenstemming met algemeen-aanvaarde ouditeringstandaarde.

(3) 'n Casinolisensiehouer moet aan die Raad voorlê, binne drie maande vanaf die laaste dag van die finansiële jaar, twee afskrifte van die jaarlikse finansiële verslae, na behore geouditeer in ooreenstemming met subregulasie (2), tesame met enige verslae wat die uitslag van die audit kommunikeer, ingesluit briewe deur die bestuur.

(4) Die Raad mag, met goeie beweegrede bewys deur 'n casinolisensiehouer, die tydperk bedoel in subregulasie (3) verleng met 'n tydperk wat nie ses maande oorskry nie.

(5) Die Raad mag bykomende inligting of dokumente in verband met finansiële verslae wat voorberei is deur, of dienste gelewer deur, 'n ouditeur, versoek vanaf hetsy –

- (a) die casinolisensiehouer, of
- (b) die ouditeur aangestel deur sodanige lisensiehouer, onderhewig aan goedkeuring vooraf verkry van sodanige casinolisensiehouer.

#### **Ander rekords**

68. 'n Casinolisensiehouer moet, waar van toepassing, by sodanige lisensiehouer se geregistreerde kantore hou, of moet aan die Raad voorsien op sy aanvraag, die volgende verslae of dokumente of hul ekwivalente –

- (a) 'n afskrif van die memorandum en statute van die maatskappy, ingesluit enige wysigings;
- (b) 'n afskrif van die maatskappy se sertifikaat vir aanvang van besigheid;
- (c) 'n register van alle huidige en voormalige beamptes en direkteure;
- (d) notules van alle vergaderings van die aandeelhouers;
- (e) notules van alle direkteursvergaderings en vergaderings van komitees van die Raad van direkteure;
- (f) 'n register van alle aandeelhouers wat 'n lys insluit van elke aandeelhouer se naam, adres, die getal aandele in besit en die datum waarop die aandele verkry is; en
- (g) enige ander rekords wat gehou moet word volgens die Raad se vereistes, van tyd tot tyd.

#### *Deel 10*

#### *Casino's: Bewaking en Sekuriteit*

#### **Voldoening aan bepalings van Deel**

69. 'n Casinolisensiehouer moet ten volle voldoen aan die bepalings van hierdie Deel binne 14 dae na die aanvang van sodanige lisensiehouer se dobbelarybedrywe.

#### **Algemene vereistes vir waakstelsels**

70.(1) 'n Casinolisensiehouer moet 'n waakstelsel, bestaande uit kameras, monitors en visuele data-opnemers, installeer, in stand hou en te alle tye bedryf wat, tesame en kumulatief, die waakstelseldekking verskaf soos vereis deur hierdie Deel.

(2) Die waakstelsel moet datum- en tydgenereerders wat die datum en tyd van die vasgelegde gebeure op elke opname vertoon sonder om die uitsig op die opname te belemmer.

(3) 'n Casinolisensiehouer moet 'n waakstelselkamer op sy perseel inrig, wat –

- (a) al die toerusting wat gebruik word om uitsigte te monitor of op te neem deur die waakstelsel huisves;
- (b) 'n afsonderlike ingang buite die uitsig van casinowerknemers en die algemene publiek het; en
- (c) te alle tye beman word deur gekwalifiseerde personeel soos bedoel in subregulasie (6).

(4) 'n Casinolisensiehouer moet verseker dat waakstelseltoerusting te alle tye gemonitor word deur gekwalifiseerde personeel bedoel in subregulasie (6), en sodanige toerusting moet beskik oor die vermoë om alle ander satelliet-moniteringstoerusting in ander kantore volkome te oorheers.

(5) Die Raad, of enige inspekteur moet, te alle tye, onmiddellike toegang verkry tot die waakstelselkamer en ander waakstelselgebiede in die casino, met dien verstande dat positiewe identifikasie verskaf word.

(6) Waakstelselpersoneel bedoel in subregulasie (4) moet –

- (a) deur die casinolisensiehouer in diens geneem en opgelei word uitsluitlik vir waakstelsel-doeleindes in ooreenstemming met die minimum standarde goedgekeur deur die Raad; en
- (b) opleiding ondergaan het, of besig wees met opleiding ten einde omvattende kennis te bekom ten opsigte van –
  - (i) alle tafelspele beskikbaar vir spel in die casinolisensiehouer se casino;
  - (ii) hierdie regulasies; en
  - (iii) enige reëls gemaak deur die Raad ingevolge artikel 7(1)(m)(ii) van die Wet.

(7) Die waakstelsel en waaktoerusting moet –

- (a) bedraad word en op sodanige wyse verbind wees om die risiko's geassosieer met knoeiery te verminder; en
- (c) gekoppel wees aan 'n hulpkragbron wat in staat is om te voorsien, in die geval van 'n kragonderbreking, ononderbroke krag aan die waakstelsel en voldoende beligting om die waakstelsel te monitor en bedryf.

(8) Elke monitorkerm in die waakstelsel moet, diagonaal gemeet, minstens 30 sentimeters wees.

(9) Elke kamera gekoppel aan die waakstelsel en geleë in openbare areas moet versteek wees vir die publiek deur 'n gerookte-glaskoepel, eenrigtingspieël of enige soortgelyke materiaal.

(10) Die waakstelsel moet besigtig en opneem in kleur, *inter alia* –

- (a) transaksies wat plaasvind by die casinohokke;
- (b) uitsigte op roulette tafels;
- (c) uitsigte op progressiewe boerpotte in gevalle waar die betrokke waardes nie vertoon word op die verbinde dobbelmasjiene nie;
- (d) enige masjiene met banknootverifieerders; en
- (e) telkamers vir banknote.

(11) Vir die doel van omskrywing van die telkamers bedoel in hierdie deel beteken 'n **“telkamer vir banknote”** 'n veilige en gemoniteerde kamer in 'n casino waarin die geregistreerde casino werknemers papiergeld, eisstrokies en banktjeks tel.

(12) Die visuele data-opnemers gebruik in die waakstelsels moet geskik wees om, onmiddelik en by aanvraag, 'n duidelike stilfoto, swart en wit- of kleurkopie of -foto van die beelde op enige visuele data-opname te genereer.

(13) 'n Casinolisensiehouer moet beskik oor die vermoë om regstreeks visuele data-opnames te maak wat geskik is vir kopiëring op 'n rekenaar-leesbare en draagbare elektroniese medium of toestel.

#### **Waakstelsels in telkamers en casinohok**

71.(1) Die lisensiehouer moet 'n waakstelsel installeer, in stand hou en bedryf wat geskik is vir die monitering en opneem van duidelike en onbelemmerde uitsigte van alle areas en transaksies binne –

- (a) die telkamer vir munte en enige area waar ongetelde munte geberg word tydens die val-en-telproses, ingesluit mure, deure, skale, verpakkingsmasjiene, muntsorteerders, brandkluise, kluike en algemene werkoppervlakke;
- (b) die telkamer vir banknote, ingesluit mure, deure, opvangbusse, brandkluise, kluike en teloppervlakke wat deursigtig moet wees; en
- (c) die casinohok, ingesluit klantvensters, werknemersvensters, geldlaaie, brandkluise, kluike, toonbanke, skyfiebergings en aanvulvensters.

(2) Vir die doeleindes van omskrywing van die telkamer vir munte bedoel in hierdie deel, beteken 'n **“telkamer vir munte”** 'n veilige en gemoniteerde kamer waarin die geregistreerde casinowerknemers munte en tekenmunte in 'n casino tel.

(3) Uitsigte van alle transaksies binne die telkamer vir munte, telkamer vir banknote en casinohok moet opgeneem word met genoegsame duidelikheid om visuele identifikasie van elke werknemer en sy of haar bewegings, en om visuele identifikasie van alle geldeenhede, munte en papierwerk, moontlik te maak.

(4) Die waakstelsel moet geskik wees vir die insluiting van oudio-monitering en -opname in die telkamer vir banknote.

(5) Die opgeneemde data van die telkamer vir banknote en telkamer vir munte moet vir ten minste 30 dae behou word.

#### **Waakstelsels by tafelspelle en kaartkamers**

**72.(1)** 'n Casinolisensiehouer wat tafelspelle of 'n kaartkamer bedryf moet 'n waakstelsel installeer, in stand hou en te alle tye bedryf wat geskik is vir monitering en opname –

(a) op 'n deurlopende basis en by wyse van 'n gevestigde kamera gewy aan sodanige tafel, te alle tye wanneer die opvangbus aangeheg is aan die tafel; en

(b) van duidelike en onbelemmerde uitsigte van –

(i) alle tafelspelle en kaartkamer-areas met genoegsame duidelikheid om visuele identifikasie van alle delers, klante, toeskouers en kuilpersoneel moontlik te maak;

(ii) alle tafelspelle of kaarttafeloppervlakke, ingesluit tafelbanklaaie, met genoegsame duidelikheid om visuele identifikasie van alle skyfies, kontant, dobbelsteen- en kaartwaardes en die uitkoms van die spel moontlik te maak;

(iii) beide die tafelspel-area en die tafelspeloppervlak tegelykertyd;

(iv) roulettetafels en -wiele, ten einde die uitsigte van beide die tafel en die wiel op een monitorkerm moontlik te maak;

(v) alle gleuwe van opvangbusse en tafelnommers; en

(vi) alle kaartkamers of podiumbanke, ingesluit enige laaie, kabinette en kluisse daarin.

(2) Alle opnames ingevolge hierdie regulasie moet deur die lisensiehouer vir ten minste 30 dae behou word na die opgeneemde gebeurtenis.

#### **Waakstelsels vir dobbelmasjiene**

**73.(1)** 'n Casinolisensiehouer wat dobbelmasjiene beskikbaar maak vir spel moet 'n waakstelsel installeer, in stand hou en, te alle tye, bedryf wat geskik is vir monitering, op 'n deurlopende basis, en die opneem van duidelike, onbelemmerde en deurlopende uitsigte van alle –

(a) areas waarin dobbelmasjiene geleë is met genoegsame duidelikheid om alle klante en werknemers visueel te identifiseer; en

(b) muntwisselhokkies, ingesluit die kontantlaaie, toonbankoppervlakke, telmasjiene, klantevensters en werknemervensters met genoegsame duidelikheid om identifikasie van alle transaksies, kontant, dokumente, klante en werknemers moontlik te maak.

(2) Alle opnames ingevolge hierdie regulasie moet deur die lisensiehouer vir ten minste 30 dae na die opgeneemde gebeurtenis behou word.

#### **Waakstelsels vir casinosekureiteitskantore**

74.(1) 'n Casinolisensiehouer moet 'n waakstelsel installeer wat geskik is vir monitering, op 'n deurlopende basis, en die opneem van duidelike, onbelemmerde en deurlopende uitsigte van enige sekureiteitskantoor waarin enige persoon ondervra mag word of 'n onderhoud mee gevoer word deur casinosekureiteitsbeamptes, 'n inspekteur of 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie.

(2) Enige monitering en opname van sekureiteitskantore bedoel in subregulasie (1) moet deur middel van oudio- en visuele data-opnames geskied vir die hele tydperk waartydens 'n persoon aangehou, ondervra of 'n onderhoud mee gevoer word in sodanige kantoor.

(3) In elke sekureiteitskantoor bedoel in hierdie regulasie moet 'n kennisgewingbord opvallend vertoon word wat aandui dat sodanige kantoor onder ononderbroke oudio- en visuele bewaking is.

(4) Alle opnames ingevolge hierdie regulasie moet deur die lisensiehouer vir ten minste 30 dae behou word na die opgeneemde gebeurtenis.

#### **Foutwerking van casinowaakstelseltoerusting**

75.(1) 'n Casinolisensiehouer moet 'n geskrewe register van enige en alle defekte in die casinowaakstelseltoerusting daarstel en in stand hou en die register behou vir ten minste een jaar na die datum van die mees onlangse inskrywing in die register.

(2) Elke defek moet binne vier-en-twintig uur nadat die foutwerking plaasgevind het herstel word en, sou dit nie moontlik wees om die herstelwerk binne 24 uur te voltooi nie, moet die betrokke casinolisensiehouer onmiddellik 'n skriftelike verslag wat die redes verskaf vir die oponthoud in die herstel by die Raad indien en moet sodanige verslag behou vir ten minste dertig dae na die indiening daarvan by die Raad.

(3) Die Raad mag, onderhewig aan die bepalings van subregulasie (6), beveel dat alle aktiwiteite in die area geraak deur die defek gestaak word totdat herstelwerk voltooi is.

(4) In die geval van 'n defek in 'n enkeldoel-kamera, opnemer of monitor, moet die casinolisensiehouer onmiddellik alle dobbelaktiwiteite, die speel van enige casinospelle of

dobbelmasjiene wat deur sodanige enkeldoel-kamera, -opnemer of -monitor besigtig en opgeneem word, staak totdat herstelwerk voltooi is.

(5) Die staking van die dobbelaktiwiteit bedoel in subregulasie (4) is nie van toepassing nie indien alternatiewe monitering- en opnametoerusting onmiddellik in werking gestel word in die geaffekteerde area, afhangende van die herstelwerk van die genoemde toerusting.

(6) Die alternatiewe monitering van die dobbelaktiwiteit bedoel in subregulasie (5) mag nie 'n maksimum tydperk van 24 uur oorskry na die foutwerking van 'n enkeldoel-kamera, opnemer of monitor nie.

#### **Vereistes vir waakstelselopnames**

76.(1) Die Raad mag vereis van 'n casinolisensiehouer om alle uitsigte, aktiwiteite en plekke bykomend tot die uitsigte voorgeskryf in hierdie Deel ingesluit, maar nie beperk nie tot, alle ingange en ontvangsareas van die casino op te neem.

(2) 'n Casinolisensiehouer moet 'n geskrewe register hou van alle insidente deur casinowaakstelselpersoneel waargeneem wat ongewoon of onreëlmatig voorkom, of wat blyk om enige wet van die Republiek, die bepalings van die Wet, hierdie regulasies of reëls van die Raad te skend en moet, onmiddellik by die plaasvind van sodanige insident, die Raad in kennis stel.

(3) Alle visuele data-opnames geproduseer deur 'n waakstelsel moet 'n duidelike en onbelemmerde uitsig van die toneel daarop uitgebeeld verskaf.

(4) 'n Casinolisensiehouer moet alle visuele data-opnames vir ten minste sewe dae nadat die opname gemaak is behou, tensy 'n langer tydperk vereis word deur 'n ander regulasie in hierdie Deel van die regulasies of deur bevel van die Raad.

(5) Die waakstelselpersoneel aan diens ten tye van enige opname moet, voor die einde van hul skof, verseker dat elke visuele data-opname gemaak tydens die verloop van sodanige skof gemerk is met die datum-en-tyd-periode wat deur die opname gedek is, die areas gedek deur die opname en geteken is deur die persoon wat die opname gemaak het.

(6) Alle visuele data-opnames moet gemaak word in hetsy werklike tyd of verlengde speelyd en nie in 'n tydsverloop-opnamewyse nie.

#### **Goedkeuring van- en veranderings aan waakstelselplanne**

77.(1) Elke applikant om 'n casinolisensie moet 'n waakstelselplan by die Raad indien op die Raad se aanvraag en vir sy goedkeuring.

(2) Die waakstelselplan bedoel in subregulasie (1) moet insluit –



## 50

(a) 'n casinovloerplan wat die plasing van alle waakstelseltoerusting aandui; en  
 (b) 'n breedvoerige beskrywing van die casinowaakstelsel en sy toerusting,  
 in verhouding met die gebied wat vereis word om onder bewaking te wees ingevolge hierdie Deel.

(3) 'n Applikant of 'n casinolisensiehouer moet nie die goedgekeurde waakstelselplan bedoel in subregulasie (1) verander, wysig of aanpas sonder dat vooraf goedkeuring van die Raad bekom is nie, soos bedoel in subregulasie (4).

(4) Wanneer ook al 'n applikant of casinolisensiehouer verlang om 'n waakstelselplan te verander, wysig of aan te pas, moet sodanige applikant by die Raad indien, vir die Raad se goedkeuring, die voorgestelde wysigingsplan wat enige verandering, wysiging of aanpassing van die waakstelsel reflekteer, nie later nie as 30 dae voor die implementering van sodanige voorgestelde verandering, wysiging of aanpassing.

#### HOOFSTUK 4 DOBBELTOERUSTING

##### *Deel 1*

##### *Dobbeltoerusting: Registrasie van Persone bedoel in Artikel 66 van Wet*

##### **Aansoek om registrasie as vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer**

**78.** 'n Persoon wat verlang om enige dobbeltoerusting bedoel in artikel 66 van die Wet te vervaardig, verkoop, beskikbaar stel, verhuur, versprei, invoer, bemark, in stand hou, versien of herstel, moet by die Raad aansoek doen om registrasie as 'n vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer.

##### **Vorm van aansoek en aansoek doen**

**79.** 'n Aansoek om registrasie bedoel in regulasie 78 moet in 'n vorm ingedien word soos bepaal deur die Raad, wat verkry moet word by die kantore van die Raad tydens normale kantoorure en wat vergesel moet gaan van die betrokke registrasiefooi om aansoek soos voorgeskryf in Bylae 2 van die Wet.

##### **Registrasievoorwaardes**

**80.** Die Raad mag 'n aansoek vir registrasie toestaan, onderhewig aan die gemagtigde aktiwiteite bedoel in regulasie 81, sowel as enige verdere voorwaardes, of die Raad mag 'n aansoek om registrasie weier.

##### **Gemagtigde aktiwiteite gespesifiseer as registrasievoorwaarde**

**81.** Wanneer ook al die Raad 'n registrasiesertifikaat toestaan in ooreenstemming met regulasie 80, moet die Raad die aktiwiteit, as voorwaarde, spesifiseer soos gemagtig deur die registrasie wat enige van of al die volgende mag wees –

- (a) vervaardiging;
- (b) montering;
- (c) programmering of program-duplisering;
- (d) verkope, invoer, distribusie, verhuring of bemarking;
- (e) versiening, instandhouding of herstelling; of
- (f) enige ander verwante aktiwiteit ten opsigte van enige goedgekeurde dobbeltoerusting gemagtig deur die Raad.

### *Deel 2*

#### *Dobbeltoerusting: Registrasie van Dobbeltoerusting*

#### **Dobbeltoerusting voldoen aan SABS standaard en geregistreer deur Raad**

**82.(1)** Geen dobbeltoerusting moet gebruik of gedistribueer, verkoop, verhuur, bemark of andersins beskikbaar gemaak word vir spel, of in stand gehou, versien of herstel word deur enige persoon geregistreer in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Deel van die regulasies nie, tensy –

- (a) dit gesertifiseer is as in ooreenstemming met hetsy die betrokke SABS standaard, of 'n ander nasionale norm of standaard of, in die afwesigheid van die voorgenoemde, 'n standaard bepaal deur die Raad; en
- (b) dit afsonderlik goedgekeur en geregistreer is deur die Raad by aansoek in 'n vorm bepaal deur die Raad.

(2) 'n Persoon wat verlang om enige dobbeltoerusting te vervaardig, verkoop, beskikbaar stel, verhuur, distribueer, invoer, bemark, in stand hou, versien of herstel mag in sy of haar besit hê dobbel- of verwante toerusting, toestelle of spelle wat nie gesertifiseer, goedgekeur en geregistreer is in ooreenstemming met die bepalings van subregulasie (1) nie, indien sodanige toerusting, toestel of spel –

- (a) uitgevoer sal word vir verkope of distribuering na 'n ander plek buite die Provinsie en dokumentasie ter staving van sodanige uitvoer bestaan;
- (b) in die proses is om ingedien te word vir sertifisering en goedkeuring op die wyse bedoel in subregulasie (1) en toepaslike dokumentasie bestaan om dit te staaf; en
- (c) gebruik word, met skriftelike toestemming van die Raad, vir demonstrasie- of uitstallingsdoeleindes of vir sodanige ander doeleindes as wat die Raad mag goedkeur.

(3) Enige lisensiehouer in besit van dobbel- of verwante toerusting, toestelle of spelle wat nie gesertifiseer, goedgekeur en geregistreer is nie, in ooreenstemming met die bepalings van subregulasie (1) van hierdie regulasie, moet onverwyld aansoek doen om registrasie en goedkeuring op die wyse bepaal deur die Raad.

(4) 'n Persoon bedoel in artikel 66 van die Wet mag te enige tyd, op die wyse en vorm bepaal deur die Raad, aansoek doen om deregistrasie van enige dobbel- of verwante toerusting, toestel en spel geregistreer ingevolge hierdie regulasie.

(5) Enige dobbel- of verwante toerusting, toestel of spel wat goedgekeur en geregistreer is deur die Raad moet op 'n opsigtelike plek die Raad se registrasienommer vertoon.

(6) Dobbelttoerusting moet nie vernietig of verkoop word sonder die vooraf goedkeuring van die Raad nie: Met dien verstande dat die Raad, by verskaffing van goedkeuring, die wyse en vorm van die vernietiging of verkope spesifiseer.

(7) Die gemagtigde vernietiging of verkope van dobbelttoerusting moet uitgevoer word op die wyse en vorm gespesifiseer deur die Raad wanneer sodanige vernietiging of verkope goedgekeur word.

#### **Sertifisering en goedkeuring deur SABS**

**83.(1)** 'n Geregistreerde vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer moet, sonder versuim en onderhewig aan die bepalings van regulasie 82(2), alle nie-gesertifiseerde en nie-goedgekeurde dobbelttoerusting in hul besit indien by die SABS vir sertifisering en goedkeuring.

(2) Die SABS mag enige dobbelttoerusting uitmekaarhaal en mag dele vernietig ten einde die dobbelttoerusting ten volle te toets, inspekteer en evalueer, ten einde om vas te stel hetsy of nie dit voldoen aan die betrokke standaard en geskik is vir sertifisering en goedkeuring.

(3) Die koste verbonde aan die toetsing, inspeksie en sertifisering van dobbelttoerusting, ingesluit enige skade aan sodanige toerusting gedurende die toetsing daarvan, moet gedra word deur die geregistreerde vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer.

(4) Die Raad mag van 'n applikant vereis, vir die doel van die registrasie van dobbelttoerusting, om spesialis-toerusting of die dienste van 'n onafhanklike tegniese deskundige te verskaf om enige dobbelttoerusting te toets, inspekteer en evalueer.

(5) Die lisensiehouer moet, by voltooiing van die toetsing en inspeksie bedoel in hierdie regulasie, die Raad skriftelik in kennis stel hetsy of nie die dobbelttoerusting ingedien by die SABS gesertifiseer is as voldoende aan die betrokke standaard.

(6) By ontvangs van die SABS sertifikaat bedoel in subregulasie (5), moet 'n applikant sodanige sertifikaat by die Raad indien om registrasie van dobbelttoerusting.

(7) Indien die SABS sertifikaat bedoel in subregulasie (5) aandui dat die dobbelttoerusting voldoen aan die betrokke SABS standaard, mag die Raad sodanige dobbelttoerusting

registreer en, indien wel, moet die Raad die applikant voorsien van 'n geskikte registrasiesertifikaat.

#### **Veranderings en wysigings verbode**

**84.** Geen persoon moet toegelaat word om die bedryf van enige behoorlike geregistreerde en goedgekeurde dobbeltoerusting te verander of te wysig sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad nie.

#### **Opskorting van goedkeuring en registrasie**

**85.(1)** Die Raad mag 'n bevel uitreik, met of sonder vooraf kennisgewing, aan enige lisensiehouer of persone geregistreer in ooreenstemming met hierdie Deel, wat die goedkeuring en registrasie van enige dobbeltoerusting ophef, sou die Raad bevind dat sodanige toerusting nie funksioneer soos goedgekeur deur die Raad nie of indien die vervaardiger of leweransier 'n wanvoorstelling op enige manier geskep het rakende die wyse waarop die dobbeltoerusting funksioneer.

(2) Na uitreiking van 'n bevel ingevolge subregulasie (1) mag die Raad alle modelle van die dobbeltoerusting ter sprake verseël of in beslag neem.

#### *Deel 3*

#### *Dobbeltoerusting: Opleiding van Versienings- of Vervaardigingswerknemers*

#### **Opleidingsprogramme vir versienings- en vervaardigingswerknemers**

**86.** Elke geregistreerde vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer moet aan die Raad vir goedkeuring indien –

- (a) 'n opleidingsprogram vir die opleiding van versienings- en vervaardigingswerknemers in die vervaardiging, versiening en instandhouding van dobbel- of verwante toerusting, toestelle en spelle;
- (b) 'n raamwerk van die opleidingskurrikulum;
- (c) 'n lys van instruksies en hul kwalifikasies; en
- (d) 'n afskrif van die instruksiehandleidings.

#### **Registrasiesertifikaat beskikbaar vir inspeksie**

**87.** Elke werknemer van 'n geregistreerde vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer moet sy of haar registrasiesertifikaat te alle tye beskikbaar hou vir inspeksie terwyl hy of sy aan diens is.

#### *Deel 4*

#### *Dobbeltoerusting: Rekords en Opbrengste vir Vervaardigers, Leweransiers en Instandhoudingsverskaffers*

#### **Rekenkundige rekords**

**88.** Elke geregistreerde vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer moet, op sodanige wyse as wat die Raad mag goedkeur of vereis, akkurate, volledige, leesbare en permanente rekords van al sy of haar transaksies hou.

#### **Distribusierekords**

**89.** 'n Geregistreerde vervaardiger of leweransier moet geskrewe distribusierekords hou wat die volgende reflekteer –

- (a) die datum van distribusie;
- (b) die naam, adres en lisensienommer van die ontvanger;
- (c) beskrywing en getal toestelle of toerusting verskaf;
- (d) die Raad se goedkeurings- en registrasienommer;
- (e) reeksnommers van toestelle of toerusting verskaf; en
- (f) sodanige verdere inligting soos die Raad mag vereis,

en moet, onmiddellik by versoek, die Raad of 'n inspekteur voorsien van sodanige rekords.

#### **Instandhouding- en herstelrekords**

**90.** 'n Geregistreerde instandhoudingsverskaffer moet geskrewe rekords hou van alle herstelwerk gemaak aan dobbeltoestelle of -toerusting wat reflekteer –

- (a) die datum van herstel;
- (b) die naam, adres en lisensienommer van die eienaar van die toestel of toerusting;
- (c) beskrywing van die werk uitgevoer;
- (d) reeksnommer van toestel of toerusting wat herstel word; en
- (e) sodanige verdere inligting wat die Raad mag vereis,

en moet, onmiddellik op versoek, die Raad of 'n inspekteur voorsien van sodanige rekords.

#### **Voorraadrekords**

**91.** Elke geregistreerde vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer moet deurlopende, geskrewe voorraadrekords hou wat die volgende reflekteer –

- (a) openingsvoorraad beskikbaar;
- (b) voorraad aangekoop/vervaardig;
- (c) distribusies; en
- (d) sluitingsvoorraad beskikbaar,

en moet, onmiddellik op versoek, die Raad of 'n inspekteur voorsien van sodanige rekords.

#### **Ander rekords**

**92.(1)** Elke geregistreerde vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer wat 'n maatskappy is moet by sodanige geregistreerde se besigheidspersoneel of geregistreerde kantore hou of, op versoek, aan die Raad of 'n inspekteur die volgende voorsien –

- (a) 'n afskrif van die memorandum en statute van 'n maatskappy, ingesluit enige wysiging;
- (b) 'n afskrif van die onderneming se aanvangs-sertifikaat om besigheid te begin;
- (c) 'n register van alle huidige en voormalige beamptes en direkteure;

- (d) notules van alle vergaderings van die aandeelhouers;
- (e) notules van alle vergaderings van direkteurs en komitees van die Raad van direkteure;
- (f) 'n register wat 'n lys bevat van alle aandeelhouers met elke aandeelhouer se naam, adres, die getal aandele en die datum waarop die aandele verkry is; en
- (g) enige ander rekords wat die Raad spesifiek vereis om gehou te word.

(2) Elke natuurlike persoon wat geregistreer is as 'n vervaardiger, leweransier of instandhoudingsverskaffer moet sodanige rekords hou soos die Raad mag bepaal.

### **Opgawes vir indiening**

**93.** Elke persoon geregistreer in ooreenstemming met hierdie Deel van die regulasies moet, op die wyse en formaat bepaal deur die Raad, inligting indien op sodanige tydperke soos die Raad mag bepaal.

## **HOOFSTUK 5 BEPERKTE UITBETAALMASJIENE**

### *Deel 1*

#### *Beperkte Uitbetaalmasjiene: Beperkings*

### **Beperkte uitbetaalmasjiene moet aan SABS standaard voldoen**

**94.** 'n Roete-operateur of 'n onafhanklike perseeloperateur moet, voor aansoek gedoen word op die wyse bedoel in Deel 2 van Hoofstuk 4, om die registrasie van 'n beperkte uitbetaalmasjien of ander dobbeltoerusting, verseker dat sodanige beperkte uitbetaalmasjien of ander dobbeltoerusting gesertifiseer is deur die SABS soos in ooreenkoms met die toepaslike deel van SABS Standaard SABS 1718 en moet verseker dat die betrokke sertifiseringsdokumentasie voorsien word aan die Raad.

### **Voorgeskrewe maksimum wedgeld**

**95.(1)** Die maksimum inleggeld of bedrag wat gewed mag word om 'n persoon in staat te stel om alle betaallyne op 'n beperkte uitbetaalmasjien te speel is, in totaal, vyf rand.

(2) Vir die doeleindes van subregulasie (1) moet 'n spel enige bonusspelle, wat veroorsaak word deur die gebeurtenis van 'n wenuitslag in die primêre spel insluit, maar enige verdubbeling-spelle uitsluit.

### **Voorgeskrewe maksimum prys**

**96.(1)** Die maksimum bedrag wat gewen mag word ten opsigte van alle betaallyne van 'n spel op 'n beperkte uitbetaalmasjien is R500,00.

(2) Vir die doeleindes van subregulasie (1) van hierdie regulasie, moet 'n spel enige bonusspel of enige opsie om 'n verdubbeling-spel te speel, wat veroorsaak word deur die gebeurtenis van 'n wenuitslag in die primêre spel insluit. Met dien verstande dat 'n opsie om 'n verdubbeling-spel te speel nie beskikbaar moet wees nie indien die prys- of wengeld wat verdubbel word R250,00 oorskry.

#### **Pryse moet vertoon word**

**97.** Alle moontlike wenkombinasies, tesame met die ooreenstemmende pryse of wengeld, moet duidelik vertoon word of maklik toeganklik wees vir die speler op elke beperkte uitbetaalmasjien beskikbaar gestel vir spel.

#### **Opbrengs aan speler**

**98.** Elke beperkte uitbetaalmasjien blootgestel vir spel moet 'n bevestigde persentasie van teoretiese opbrengs aan speler van nie minder as 85 persent hê nie.

#### **Beperkte uitbetaalmasjien moet kommunikeer met goedgekeurde monitering- en kontrolestelsel**

**99.** Elke beperkte uitbetaalmasjien beskikbaar gemaak vir spel moet geskik wees om met die goedgekeurde monitering- en kontrolestelsel soos bedoel in artikel 27 van die Nasionale Dobbeltwet te kommunikeer.

### *Deel 2*

#### *Beperkte Uitbetaalmasjiene: Registrasie*

#### **Besit van beperkte uitbetaalmasjiene, spelle en verwante toerusting**

**100.** Elke beperkte uitbetaalmasjien en ander dobbeltoerusting wat goedgekeur en geregistreer is by die Raad moet ingesluit word in die Raad se rekords.

#### **Bedryf van- en instandhouding van beperkte uitbetaalmasjiene**

**101.(1)** 'n Roete-operateur of 'n onafhanklike perseeloperateur moet nie die bedryf van 'n geregistreerde beperkte uitbetaalmasjien of ander dobbeltoerusting wysig sonder vooraf goedkeuring van die Raad nie.

(2) 'n Roete-operateur of 'n onafhanklike perseeloperateur moet 'n gelisensieerde instandhoudingsverskaffer gebruik om die beperkte uitbetaalmasjiene in stand te hou en dobbeltoerusting in 'n geskikte toestand te hou.

(3) 'n Roete-operateur of 'n onafhanklike perseeloperateur mag slegs beperkte uitbetaalmasjiene aangewend deur hom of haar in die bedryf van sy of haar gelisensieerde aktiwiteite in stand hou, herstel of wysig deur gebruik te maak van geskikte, gekwalifiseerde en ervare personeel, en met dien verstande dat sodanige beperkte uitbetaalmasjiene in die goedgekeurde fisiese konfigurasie bly.

**Rekords gehou van beperkte uitbetaalmasjiene, spelle en verwante toerusting**

102. 'n Roete-operateur of 'n onafhanklike perseeloperateur moet, vir 'n tydperk van vyf jaar, rekords hou van alle beperkte uitbetaalmasjiene, spelle en verwante toerusting geregistreer in ooreenstemming met die bepalings van regulasie 82, ingesluit, maar nie beperk nie tot, vervaardiger, aankoopdatum, masjienreeksnommer, modelnommer, registrasienommer van Raad en datum van deregistrasie deur die Raad.

HOOFSTUK 6  
PERSEELOPERATEURS

*Deel 1*

*Perseeloperateurs: Bepalings Algemeen tot Perseeloperateurs*

**Aktiwiteite gemagtig deur perseeloperateurslisensie**

103. 'n Perseeloperateurslisensie of 'n onafhanklike perseeloperateurslisensie is gemagtig om te bedryf en hou, in of op die gelisensieerde perseel, of sodanige deel van sodanige perseel soos gespesifiseer is in die lisensie, beperkte uitbetaalmasjiene gespesifiseer in die lisensie, onderhewig aan die volgende voorwaardes –

- (a) die getal beperkte uitbetaalmasjiene per gelisensieerde perseel moet nie die maksimum getal voorgeskryf in hierdie Deel van die regulasies oorskryf nie; en
- (b) alle beperkte uitbetaalmasjiene moet op die gelisensieerde perseel op sodanige wyse geplaas word dat dit nie toeganklik is vir persone onder die ouderdom van agtien jaar nie.

**Tipes perseeloperateurs**

104.(1) Die Raad mag, onderhewig aan die Wet en vir die doeleindes van die aktiwiteite bedoel in regulasie 103, die volgende lisensieer –

- (a) 'n tipe "A" perseeloperateur wie se primêre besigheid óf 'n *bona fide* sportsklub, 'n openbare kroeg, 'n gelisensieerde taverne, 'n bingosaal, óf 'n gelisensieerde weddenskapsverkoopspunt is: Met dien verstande dat die spel van beperkte uitbetaalmasjiene op sodanige perseel 'n sekondêre aktiwiteit vorm tot die hoof-aktiwiteit van die perseel; en
- (b) 'n tipe "B" perseeloperateur wie se primêre besigheid vermaaklikheid in aard is, ingesluit 'n bingosaal: Met dien verstande dat spel op beperkte uitbetaalmasjiene op sodanige perseel 'n sekondêre aktiwiteit vorm tot die hoof-aktiwiteit van die perseel.

(2) Die Raad moet, wanneer perseeloperateurs soos bedoel in subregulasie (1) gelisensieer word, voldoen aan die Regulasies op Beperkte Uitbetaalmasjiene gepubliseer kragtens Regeringskenningsgewing No. R. 1425 gedateer 21 Desember 2000 en die Regulasies op Nasionale Dobbelyary gepubliseer kragtens Regeringskenningsgewing No. R. 1342 gedateer 12 November 2004.



*Deel 2**Perseeloperateurs: Tipe "A" Perseeloperateurslisensie***Aansoek om tipe "A" perseeloperateurslisensie****105.(1) 'n Persoon –**

(a) wat verlang om 'n tipe "A" perseeloperateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie te bekom; en

(b) wie se primêre besigheid is soos bedoel in regulasie 104(1)(a),

moet, as 'n gevolg op die publikasie van 'n kennisgewing verwys na in regulasie 13, aansoek doen by die Raad om 'n perseeloperateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie op die wyse bepaal deur die Raad in sy Reëls.

(2) Bykomend tot enige inligting wat 'n applikant verplig is om te verskaf ingevolge die bepalings van Deel 2 van hierdie Hoofstuk vir 'n lisensie bedoel in subregulasie (1), moet die applikant aan die Raad verskaf –

(a) die fisiese adres van die perseel waarby die applikant beplan om besigheid te bedryf as 'n perseeloperateur of onafhanklike perseeloperateur;

(b) die fisiese adres van enige perseel waar die applikant alreeds besigheid bedryf as 'n gelisensieerde perseeloperateur of onafhanklike perseeloperateur;

(c) 'n volledige beskrywing van die bestaande of voorgestelde besigheidsaktiwiteite wat alreeds aangebied is, of aangebied sal word, op die perseel betreffende die aansoek, tesame met 'n afskrif van enige besigheid of ander lisensie betreffende sodanige besigheidsaktiwiteite;

(d) indien beskikbaar en indien van toepassing, die naam van die gelisensieerde roete-operateur wat die beperkte uitbetaalmasjiene sal voorsien vir die bedryf van die applikant se voorgestelde perseel en 'n afskrif van enige bestaande skriftelike ooreenkoms tussen die applikant en sodanige roete-operateur, soos bedoel in regulasie 121;

(e) 'n vloerplan van die betrokke perseel wat die gebied aandui vir die voorgestelde plasing van die beperkte uitbetaalmasjiene;

(f) goedkeuring van die plaaslike owerheid vir beide die primêre besigheid wat bedryf word, of wat bedryf sal word, op die betrokke perseel en vir die dobbelaktiwiteite van die perseeloperateur; en

(g) enige ander inligting soos die Raad mag benodig.

**Gronde vir weiering van tipe "A" perseeloperateurslisensie**

**106.** Die Raad mag nie 'n aansoek vir 'n tipe "A" perseeloperateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie toestaan nie –

(a) indien die applikant nie die vereistes nakom nie soos voorgeskryf in die Regulasies op Beperkte Uitbetaalmasjiene gepubliseer kragtens Regeringskennisgewing No. R. 1425 gedateer 21 Desember 2000 en die Regulasies

op Nasionale Dobbelary gepubliseer kragtens Regeringskennisgewing No. R. 1342 gedateer 12 November 2004;

(b) vir die bedryf en aanhou van meer as die maksimum getal beperkte uitbetaalmasjiene voorgeskryf in regulasie 107;

(c) indien die applikant se primêre besigheid nie 'n *bona fide* sportsklub, 'n openbare kroeg, 'n gelisensieerde taverne of 'n gelisensieerde weddenskapsverkooppunt vorm nie;

(d) tensy die Raad tevrede is dat spel op beperkte uitbetaalmasjiene op sodanige perseel 'n sekondêre aktiwiteit sal vorm tot die hoof-aktiwiteit van die perseel; of

(e) indien die perseel nie voldoen nie aan die minimum standaarde voorgeskryf in regulasie 108 van hierdie regulasies of in artikel 18 van die Nasionale Dobbelwet.

### **Maksimum getal beperkte uitbetaalmasjiene**

**107.(1)** Onderhewig aan die bepalings van hierdie regulasies, is vyf die maksimum getal beperkte uitbetaalmasjiene wat beskikbaar gestel mag word vir spel in of op die gelisensieerde perseel van 'n tipe "A" perseeloperateur of onafhanklike perseeloperateur.

(2) Indien 'n applikant die eienaar van die verskeie afsonderlike persele is wat op dieselfde terrein of gebou geleë is en sodanige applikant doen aansoek om tipe "A" perseeloperateurlisensies of onafhanklike perseeloperateurlisensies, ten opsigte van meer as een van sodanige terreine, mag die Raad die aansoek toestaan ten opsigte van een of meer van die terreine en die maksimum van vyf beperkte uitbetaalmasjiene per terrein mag goedgekeur word vir elke perseel.

(3) Wanneer ook al 'n applikant aansoek doen om 'n tipe "A" perseeloperateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie, ten opsigte van 'n enkel terrein waarvan hy of sy die eienaar is en wat geleë is op die terrein waar perseeloperateurlisensies of onafhanklike perseeloperateurslisensies alreeds toegestaan is aan ander perseeloperateurs of onafhanklike perseeloperateurs wat nie in assosiasie met die applikant is nie, mag die Raad die aansoek ten opsigte van sodanige perseel toestaan: Met dien verstande dat die getal beperkte uitbetaalmasjiene in enige enkel *bona fide* sportsklub, openbare kroeg, 'n gelisensieerde taverne, 'n bingosaal, of 'n gelisensieerde weddenskapsverkooppunt nie die maksimum van vyf bedoel in subregulasie (1) oorskry nie.

(4) Indien 'n applikant meer as een primêre besigheid vanaf dieselfde perseel bedryf, soos, maar nie beperk nie tot, 'n sportsklub en 'n openbare kroeg, word sodanige besighede beskou as een besigheid vir die doel van 'n aansoek om 'n tipe "A" perseeloperateurslisensie en in die geval dat die lisensie toegestaan is, moet die getal beperkte uitbetaalmasjiene gespesifiseer in die lisensie nie die maksimum van vyf voorgeskryf in subregulasie (1) oorskry nie.

**Minimum standaarde vir perseel**

**108.** Die perseel van 'n tipe "A" perseeloperateur of onafhanklike perseeloperateur moet aan die volgende minimum standaarde voldoen –

- (a) nakoming van enige nasionale gesondheids- en veiligheidsregulasies of enige munisipale gesondheids- en veiligheidsverordeninge; en
- (b) alle beperkte uitbetaalmasjiene wat bedryf sal word vanaf die gelisensieerde perseel moet geplaas word op sodanige wyse dat dit nie toeganklik is vir persone onder die ouderdom van 18 jaar nie.

**Beperking op reklame**

**109.** 'n Tipe "A" perseeloperateur of onafhanklike perseeloperateur mag nie die teenwoordigheid van beperkte uitbetaalmasjiene op enige reklameborde buite sy of haar perseel adverteer nie.

*Deel 3**Perseeloperateurs: Tipe "B" Perseeloperateurslisensie***Aansoek om tipe "B" perseeloperateurslisensie**

**110.(1)** 'n Persoon wat verlang om 'n tipe "B" perseeloperateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie te bekom, en wie se primêre besigheid is soos bedoel in regulasie 104(1)(b) moet, na die publikasie van 'n kennisgewing soos verwys na in regulasie 13, by die Raad aansoek doen om 'n perseeloperateurslisensie, op die wyse bepaal deur die Raad in sy Reëls.

(2) Die bepalings van Deel 1, 2 en 3 van Hoofstuk 2 van die regulasies is, met die nodige veranderinge, van toepassing op 'n persoon wat aansoek doen om 'n tipe "B" perseeloperateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie.

(3) Bykomend tot enige inligting vereis van 'n applikant om 'n tipe "B" perseeloperateurslisensie ingevolge die bepalings van Deel 1 van Hoofstuk 2 van die regulasies, moet die applikant die Raad voorsien van –

- (a) die fisiese adres van die perseel in of waarop die applikant beoog om die besigheid as perseeloperateur te bedryf;
- (b) 'n volledige beskrywing van die applikant se bestaande of voorgenome besigheid wat die primêre vermaaklikheids- en ontspanningsaktiwiteite spesifiseer wat aangebied word op die perseel betreffende die aansoek;
- (c) bewyse ter illustrasie dat die beskikbaarstelling van beperkte uitbetaalmasjiene op die applikant se perseel eerder 'n aanvraag om dobbelary in die area sal vul as om 'n aanvraag te skep;
- (d) indien beskikbaar, die naam van die gelisensieerde roete-operateur wat die beperkte uitbetaalmasjiene sal voorsien aan die applikant se voorgenome perseel-bedryf en besonderhede van die voorgenome of werklike geskrewe ooreenkoms tussen die applikant en sodanige roete-operateur bedoel in regulasie 121;

- (e) 'n vloerplan van die betrokke perseel wat die gebied aandui vir die voorgestelde plasing van die beperkte uitbetaalmasjiene;
- (f) goedkeuring van die plaaslike owerheid vir beide die primêre besigheid wat bedryf word op die betrokke perseel en vir die voorgenome dobbelbesigheid; en
- (g) enige ander inligting wat die Raad mag vereis.

(4) Die Raad moet voldoen aan die bepalings van regulasies 3(2) van die Regulasies op Beperkte Uitbetaalmasjiene gepubliseer kragtens Regeringskennisgewing No. R. 1425 gedateer 21 Desember 2000 wanneer 'n aansoek om 'n tipe "B" perseeloperateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie oorweeg word.

#### **Gronde vir weiering van tipe "B" perseeloperateurslisensie**

111. Die Raad mag nie 'n aansoek toestaan vir 'n tipe "B" perseeloperateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie nie –

- (a) indien die applikant nie voldoen nie aan die vereistes soos voorgeskryf in die Regulasies op Beperkte Uitbetaalmasjiene gepubliseer kragtens Regeringskennisgewing No. R. 1425 gedateer 21 Desember 2000 en die Regulasies op Nasionale Dobbelary gepubliseer kragtens Regeringskennisgewing No. R. 1342 gedateer 12 November 2004;
- (b) indien die Raad van mening is dat die teenwoordigheid van beperkte uitbetaalmasjiene op die betrokke perseel nie in die openbare belang sal wees nie of 'n negatiewe sosio-ekonomiese impak sal hê op die samelewing in die omgewing van die voorgestelde perseel;
- (c) indien die Raad van mening is dat die toestaan van die lisensie nie sal lei tot die verwesenliking van enige van die oogmerke van die Raad, bedoel in artikel 6(1) van die Wet nie.
- (d) tensy die Raad tevrede is dat die speel van beperkte uitbetaalmasjiene op sodanige perseel 'n sekondêre aktiwiteit tot die primêre aktiwiteit van die perseel sal vorm; of
- (e) indien die perseel nie voldoen nie, of nie sal voldoen nie, na enige omskakeling gemagtig deur die Raad, aan die minimum voorgeskrewe standarde in regulasie 113, of in artikel 18 van die Wet op Nasionale Dobbelary.

#### **Maksimum getal beperkte uitbetaalmasjiene**

112. Die maksimum getal beperkte uitbetaalmasjiene wat vir spel beskikbaar gestel mag word in of op die gelisensieerde perseel van 'n tipe "B" perseeloperateur, is 40.

#### **Minimum standarde vir perseel**

113. Die perseel van 'n tipe "B" perseeloperateur moet aan die volgende minimum standarde voldoen –

- (a) goedkeuring van die plaaslike owerheid vir die primêre besigheid wat bedryf, of wat bedryf sal word, op sodanige perseel;

- (b) nakoming van enige nasionale gesondheids- en veiligheidsregulasies of enige munisipale gesondheids- en veiligheidsverordeninge;
- (c) alle beperkte uitbetaalmasjiene wat vanaf die perseel bedryf word moet op sodanige manier geplaas word dat dit nie toeganklik is vir persone onder die ouderdom van 18 jaar nie;
- (d) voldoende parkeringsfasiliteite in ooreenstemming met enige verordeninge van die plaaslike owerheid; en
- (e) die sekuriteitsreëlings so ontwerp om die veiligheid van klante en hul eiendom te bevorder moet deur die Raad as voldoende beskou word.

### **Beperking op reklame**

114.(1) 'n Tipe "B" perseeloperateur moet vooraf goedkeuring van die Raad bekom om die teenwoordigheid van beperkte uitbetaalmasjiene te adverteer op enige eksterne reklamebord by die terrein van die perseel.

(2) Enige goedkeuring toegestaan deur die Raad ingevolge subregulasie (1) is onderhewig aan 'n tipe "B" perseeloperateur wat vooraf goedkeuring van die plaaslike owerheid vir die advertensie verkry het.

### **Toekenning van lisensie vir omskepping van perseel**

115. Indien die Raad tevrede is dat 'n *bona fide* behoefte bestaan om 'n lisensiehouer tyd toe te staan vir die omskepping van 'n perseel, mag die Raad 'n lisensie toestaan: Met dien verstande dat dit 'n voorwaarde van sodanige lisensie moet wees dat –

- (a) die omskepping van die perseel voltooi word voor die beperkte uitbetaalmasjiene beskikbaar gemaak word vir spel;
- (b) goedkeuring verleen is deur die betrokke plaaslike owerheid; en
- (c) alle beperkte uitbetaalmasjiene by die gelisensieerde perseel op sodanige wyse geplaas word dat dit nie toeganklik sal wees vir persone onder die ouderdom van 18 jaar nie.

## *Deel 4*

### *Perseeloperateurs: Diverse*

### **Beperkte uitbetaalmasjiene en dobbeltoerusting nie gewysig, in stand gehou of herstel deur lisensiehouer nie**

116.(1) 'n Perseeloperateur –

- (a) mag nie die bedryf van 'n geregistreerde beperkte uitbetaalmasjiene of dobbeltoerusting wysig nie; en
- (b) mag nie enige instandhouding of herstel aan enige beperkte uitbetaalmasjiene, dobbel- of verwante toerusting onderneem nie:

Met dien verstande dat geskikte, gekwalifiseerde of ervare personeel van 'n gelisensieerde roete-operateur die instandhouding, herstel of wysiging van enige beperkte uitbetaalmasjiene

mag verrig: Met dien verstande verder dat die goedgekeurde konfigurasie van die beperkte uitbetaalmasjien nie daardeur gewysig word nie.

## HOOFSTUK 7 ROETE-OPERATEURS EN ONAFHANKLIKE PERSEELOPERATEURS

### *Deel 1*

#### *Roete-operateurs en Onafhanklike Perseeloperateurs: Voorgeskrewe Aktiwiteite en Bedryfsbeperkings*

#### **Voorgeskrewe aktiwiteite van roete-operateur**

117.(1) Onderhewig aan enige voorwaardes wat die Raad mag voorskryf, mag 'n roete-operateur –

(a) sodanige getal beperkte uitbetaalmasjiene, soos gespesifiseer is in die roete-operateurslisensie, beskikbaar stel om gespeel te word op die perseel van enige gelisensieerde perseeloperateur: Met dien verstande dat –

(i) die totale getal beperkte uitbetaalmasjiene so gespesifiseer nie die maksimum getal voorgeskryf in regulasie 107 of in regulasie 112 oorskry nie; en

(ii) die beperkte uitbetaalmasjiene en die spelle daarop gespeel voldoen in alle opsigte aan die bepalings van Deel 1 van Hoofstuk 5;

(b) onderhewig aan die bepalings van regulasie 101, die gereelde instandhouding of herstel, vervanging of opgradering van 'n beperkte uitbetaalmasjien gespesifiseer in die roete-operateurslisensie onderneem; en

(c) die voorgeskrewe belasting kollekteer by perseeloperateurs en sodanige belasting oorbetaal aan die Provinsiale Inkomstefonds.

(2) 'n Roete-operateur is verantwoordelik vir die berekening en boekhouding van die belasting verskuldig deur die bedryf van die perseeloperateurs met wie die roete-operateurs gekontrakteer is om beperkte uitbetaalmasjiene beskikbaar te stel vir spel.

#### **Voorgeskrewe aktiwiteite van onafhanklike perseeloperateur**

118.(1) Onderhewig aan enige voorwaardes wat die Raad mag voorskryf, in sy diskresie, mag 'n onafhanklike perseeloperateur –

(a) sodanige getal beperkte uitbetaalmasjiene, soos gespesifiseer in die lisensie, beskikbaar stel vir spel op goedgekeurde perseel: Met dien verstande dat –

(i) die totale getal beperkte uitbetaalmasjiene so gespesifiseer nie die maksimum voorgeskryf in regulasies 107 of 112 oorskry nie; en

(ii) die beperkte uitbetaalmasjiene en spelle daarop gespeel voldoen in alle opsigte aan die bepalings van Deel 1 van Hoofstuk 5; en

(b) onderhewig aan die bepalings van regulasie 101, die gereelde instandhouding of herstel, vervanging of opgradering van 'n beperkte uitbetaalmasjiene gespesifiseer in die lisensie onderneem.

(2) 'n Onafhanklike perseeloperateur is verantwoordelik vir die berekening en boekhouding van die belasting verskuldig deur sy bedryf en vir betaling van sodanige belasting aan die Provinsiale Inkomstefonds.

#### **Maksimum getal beperkte uitbetaalmasjiene per roete-operateurslisensie**

**119.** Die maksimum getal beperkte uitbetaalmasjiene wat die Raad per roete-operateurslisensie mag spesifiseer is 1000.

#### **Aansoek om roete-operateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie**

**120.** Bykomend tot enige inligting wat vereis word van 'n applikant om 'n roete-operateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie, om te voorsien ingevolge die bepalings van Deel 1 van Hoofstuk 2, moet die applikant, so ver as moontlik teen die tyd wanneer aansoek gedoen word, die Raad ook voorsien van:

- (a) 'n volledige beskrywing van die beperkte uitbetaalmasjiene, insluitend hul reeksnommers, wat die applikant van voorneme is om beskikbaar te stel vir spel;
- (b) die betrokke sertifisering deur die SABS vir elke tipe beperkte uitbetaalmasjiene, soos bedoel in regulasie 94;
- (c) besonderhede van die eienaarskap van die beperkte uitbetaalmasjiene of van enige kontrak of ooreenkoms met 'n ander party rakende die huur, uitlening of verhuring van die betrokke beperkte uitbetaalmasjiene;
- (d) in die geval van 'n applikant om 'n roete-operateurslisensie, die fisiese adres van die terrein of terreine op of waar die applikant van voorneme is om die beperkte uitbetaalmasjiene beskikbaar te stel vir spel, volle bekendmaking van die getal beperkte uitbetaalmasjiene beoog vir elke terrein en alle finansiële en ander ooreenkomste of kontrakte alreeds aangegaan, of van voorneme is om aan te gaan, met elke potensiële perseeloperateur;
- (e) in die geval van 'n applikant om 'n onafhanklike perseeloperateurslisensie, die fisiese adres van die perseel waar die applikant van voorneme is om die beperkte uitbetaalmasjiene beskikbaar te stel vir spel en volle bekendmaking van die getal beperkte uitbetaalmasjiene bestem vir die terrein; en
- (f) enige ander inligting vereis soos per die aansoekvorm.

#### **Skriftelike ooreenkoms tussen roete-operateur en perseeloperateur**

**121.** 'n Gelisensieerde roete-operateur moet 'n skriftelike ooreenkoms aangaan met 'n gelisensieerde perseeloperateur vir die beskikbaarstelling van beperkte uitbetaalmasjiene op die perseel van die perseeloperateur, welke ooreenkoms die wyse moet spesifiseer waarop die bruto dobbelinkoms, na aftrekking van die dobbelbelasting voorgeskryf in die KwaZulu-

## 65

Natal Belastingwet op Dobbelary en Weddery, 2010, verdeel sal word tussen die gelisensieerde roete-operateur en die gelisensieerde perseeloperateur.

*Deel 2**Roete-operateurs en Onafhanklike Perseeloperateurs: Monitering- en Beheerstelsels***Elektroniese-moniteringstelsel**

122. Die Raad moet vereis dat alle beperkte uitbetaalmasjiene verbind moet wees aan die nasionale sentrale elektroniese-moniteringstelsel daargestel en in stand gehou deur die Nasionale Dobbelraad ingevolge artikel 27 van die Nasionale Dobbelwet.

*Deel 3**Roete-operateurs en Onafhanklike Perseeloperateurs: Interne Beheer***Minimum bedryf- en interne beheerstandaarde vir roete-operateur en onafhanklike perseeloperateur**

123.(1) Die Raad moet die minimum bedryfstandaarde en minimum standaard vir interne beheerprosedures opneem en beskikbaar stel aan applikante om 'n roete-operateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie en aan alle lisensiehouers.

(2) Die Raad mag, van tyd tot tyd, enige van die standaard bedoel in subregulasie (1) wysig, vervang of herroep, in welke geval hy sodanige wysiging, vervanging of herroeping beskikbaar stel aan alle applikante vir 'n roete-operateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie en alle lisensiehouers.

(3) Elke gelisensieerde roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur is verplig om aan die standaard aangeneem deur die Raad te voldoen.

**Minimum interne beheer**

124.(1) Elke roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur moet administratiewe en rekenkundige prosedures daarstel en in stand hou vir die doel van bepaling van die aanspreeklikheid van sodanige roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur vir belasting en gelde kragtens die Wet, met die uitoefening van doeltreffende beheer oor sy of haar interne finansiële sake ten doel.

(2) Die administratiewe- en rekenkundige prosedures bedoel in subregulasie (1) moet so ontwerp word ten einde redelik te verseker dat –

- (a) bates beskerm word;
- (b) finansiële rekords akkuraat en betroubaar is;
- (c) transaksies uitgevoer word deur werknemers in ooreenstemming met bestuur se algemene of spesifieke magtiging;



- (d) transaksies word voldoende aangeteken om behoorlike verslaggewing van dobbelinkomste en gelde en belasting moontlik te maak; en
- (e) funksies, pligte en verantwoordelikhede is toepaslik geskei en word verrig, in ooreenstemming met gesonde praktyke, deur bevoegde, gekwalifiseerde personeel.

### **Interne beheerstelsel goedgekeur deur Raad**

#### **125.(1) Elke –**

- (a) roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur; en
- (b) applikant om 'n roete-operateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie moet –
  - (i) die administratiewe- en rekenkundige prosedures; en
  - (ii) die interne beheerstelsel,

wat voldoen aan die toepaslike norme en standaarde bepaal deur die Raad, dokumenteer en moet 'n afskrif daarvan by die Raad indien vir goedkeuring voor die implementering van hetsy die prosedures of die stelsel.

#### **(2) Elke stelsel van interne beheer ingedien vir goedkeuring ingevolge subregulasie (1), moet insluit –**

- (a) 'n organisatoriese diagram wat die skeiding van funksies en verantwoordelikhede uitbeeld;
- (b) 'n beskrywing van die pligte en verantwoordelikhede van elke pos aangedui op die organisatoriese diagram;
- (c) 'n omvattende, verhalende beskrywing of 'n omvattende stelselvloediagram van die administratiewe- en rekenkundige prosedures ontwerp om die vereistes van regulasies 124 en 127 tevrede te stel;
- (d) 'n brief van 'n onafhanklike geoktrooieerde rekenmeester wat verklaar dat die interne beheerstelsel hersien is deur die rekenmeester en voldoen aan die vereistes van hierdie Deel; en
- (e) sodanige verdere inligting soos die Raad mag vereis.

(3) Indien die Raad bepaal dat 'n applikant of lisensiehouer se interne beheerstelsel nie voldoen aan die vereistes van hierdie Deel nie moet hy, op skrif, die applikant of lisensiehouer daarvan in kennis stel.

(4) Die applikant of lisensiehouer moet binne 30 dae na ontvangs van die kennisgewing bedoel in subregulasie (3) sy of haar interne beheerstelsel wysig en moet 'n afskrif van die gewysigde stelsel by die Raad indien vir goedkeuring.

### **Wysiging van bestaande interne beheerstelsel**

**126.(1)** 'n Gelisensieerde wat verlang om sy of haar interne beheerstelsel te wysig moet, voor die implementering van sodanige gewysigde stelsel, 'n afskrif van die voorgename gewysigde interne beheerstelsel by die Raad indien vir goedkeuring.

(2) Die bepalings van regulasie 125(2) tot (4) is van toepassing, met die nodige veranderinge, op 'n aansoek om goedkeuring bedoel in subregulasie (1).

#### *Deel 4*

#### *Roete-operateurs en Onafhanklike Perseeloperateurs: Rekenkundige Rekords en Opgawes*

##### **Rekenkundige rekords**

127.(1) Elke roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur moet, op sodanige manier as wat die Raad mag goedkeur of vereis, akkurate, volledige, leesbare en permanente rekords hou van alle transaksies aangegaan deur sodanige roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur.

(2) Elke roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur moet –

- (a) algemeen-aanvaarde rekenkundige rekords op 'n dubbelinskrywing-rekeningkundigestelsel hou en moet omvattende, ondersteunende en aanvullende rekords, wat inkomste, uitgawes, bates, laste en aandele identifiseer, byhou;
- (b) analiseverslae van beperkte uitbetaalmasjiene hou wat omsette en uitbetalings reflekteer en werklike hou-persentasies met teoretiese hou-persentasies vergelyk op 'n daaglikse, maandelikse, kwartaallikse, en 12 maandelikse rolbasis, ten opsigte van elke individuele beperkte uitbetaalmasjien;
- (c) die rekords vereis deur die lisensiehouer se goedgekeurde interne beheerstelsel hou; en
- (d) enige ander rekords wat die Raad spesifiek vereis om in stand gehou te word.

##### **Geouditeerde finansiële verslae**

128.(1) 'n Roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur moet, aan die einde van die finansiële jaar, voorberei of voorbereiding teweegbring van finansiële state in 'n formaat wat beide goedgekeur is deur die Raad en voorberei is in ooreenstemming met verklarings van Algemene Aanvaarde Rekenkundige Praktyk, soos uitgevaardig deur die Raad vir Rekeningkundige Praktyke, van tyd tot tyd.

(2) Elke roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur moet 'n onafhanklike ouditeur, geregistreer ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991), aanstel om sy of haar bedryf se finansiële verslae te ouditeer in ooreenstemming met algemene-aanvaarde ouditeerstandaarde.

(3) 'n Roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur moet, binne drie maande vanaf die laaste dag van die finansiële jaar, by die Raad twee afskrifte van die jaarlikse finansiële verslae indien wat na behore geouditeer is in ooreenstemming met die bepalings van subregulasie (2), tesame met enige verslae, ingesluit bestuursbriewe, wat die uitslag kommunikeer.

(4) Die Raad mag, met goeie beweegrede bewys deur 'n lisensiehouer, die tydperk bedoel in subregulasie (3) verleng met 'n tydperk wat nie ses maande oorskry nie.

(5) Die Raad mag bykomende inligting of dokumente versoek vanaf òf –  
 (a) die roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur; òf  
 (b) die ouditeur aangestel deur sodanige operateur, onderhewig aan vooraf verkrygte toestemming van die roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur, in verband met die finansiële verslae of die dienste verrig deur sodanige ouditeur.

#### **Ander rekords**

**129.(1)** 'n Roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur, wat 'n maatskappy is, moet by sodanige operateur se besigheidperseel hou, of moet aan die Raad op sy versoek, die volgende rekords, dokumente of hulle ekwivalente verskaf –

- (a) 'n afskrif van die memorandum en statute van die besigheid, ingesluit enige wysigings;
- (b) 'n afskrif van die besigheid se aanvangs-sertifikaat om besigheid te begin;
- (c) 'n register van alle huidige en voormalige beamptes en direkteure;
- (d) notules van alle vergaderings van die aandeelhouers;
- (e) notules van alle vergaderings van direkteure en komitees van die Raad van direkteure;
- (f) 'n register van alle aandeelhouers wat 'n lys insluit van elke aandeelhouer se naam, adres, die getal aandele in besit en die datum waarop die aandele verkry is; en
- (g) enige ander rekords wat die Raad van tyd tot tyd spesifiek vereis om in stand gehou te word.

(2) 'n Roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur, wat 'n natuurlike persoon is, moet sodanige rekords hou soos die Raad mag bepaal.

#### *Deel 5*

#### *Roete-operateurs en Onafhanklike Perseeloperateurs: Diverse*

#### **Indiening van sekuriteit**

**130.(1)** Elke roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur moet, onmiddellik na die toestaan van 'n lisensie en voor die aanvang van besigheid, sekuriteit indien by die Hoof-Uitvoerende Beampte, in die vorm bedoel in subregulasie (2) en ten sodanige bedrae soos die Raad van tyd tot tyd mag bepaal vir die betaling van –

- (a) enige gelde, belasting of boetes; en
- (b) enige prysgelde verskuldig aan 'n speler.

(2) Die sekuriteit bedoel in subregulasie (1) moet bestaan uit –

- (a) 'n kontantdeposito;

(b) 'n bankierswaarborg; of

(c) sodanige ander vorm van sekuriteit soos die Raad mag aanvaar.

(3) Die Raad mag vereis van 'n roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur om een of meer bestaande sekuriteit te vervang met ander sekuriteite of om addisionele sekuriteite te verskaf, sou die Raad die bestaande sekuriteit òf onvoldoende òf ongeskik ag.

(4) Die roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur moet, ten tye van die indiening van sekuriteit, die Raad voorsien van skriftelike magtiging wat die Raad volmag gee om van soveel moontlik van die sekuriteite ingedien te verkoop, tegelde te maak, af te koop en oordrag van soveel van die sekuriteite soos die Raad nodig mag ag om enige gelde verskuldig aan die Provinsiale Inkomstefonds of aan 'n speler namens die roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur te delg.

(5) Die Hoof-Uitvoerende Beampte moet, by die vervalling, nie-hernuwing of kansellasië van 'n roete-operateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie, enige sekuriteite ingedien deur die roete-operateur of onafhanklike perseeloperateur enige oorblywende sekuriteite of gedeelte van sodanige sekuriteite soos wat oorgebly het na die skuld bedoel in subregulasie (4) gedebiteer is, terugbesorg.

## HOOFSUK 8

### BINGO

#### *Deel 1*

#### *Bingo: Aktiwiteite Gemagtig deur Lisensie en Aansoeke*

#### **Aktiwiteite gemagtig deur bingolisensie**

**131.** Onderhewig aan enige voorwaardes wat die Raad mag beveel, mag 'n bingolisensiehouer toegelaat word om enige of al die volgende te doen –

(a) 'n perseel in stand hou waar die primêre dobbelaktiwiteit aangebied die spel van bingo is, wat gespeel moet word in ooreenstemming met die bepalings van die Wet, hierdie regulasies en enige reëls van die Raad;

(b) koppel met ander gelisensieerde bingosale, deur elektroniese of ander soortgelyke wyses, ten einde om gekoppelde bingospelle te speel, wat gekoppel en gespeel moet word in ooreenstemming met die bepalings van die Wet, hierdie regulasies en enige reëls van die Raad; en

(c) onderneem die gereelde instandhouding of herstel, vervanging of opgradering van enige bingotoerusting.

#### **Aansoek om bingolisensie**

**132.** Die applikant om 'n bingolisensie moet, bykomend tot enige inligting vereis om voorsien te word ingevolge hierdie regulasies ten tye van die aansoek, die Raad voorsien van –

- (a) omvattende besonderhede van enige opname, analise of studie wat hy of sy onderneem het of teweegbring het om te onderneem, tesame met 'n besigheidsplan wat die geprojekteerde inkomste en uitgawes aandui met die doel om aan die Raad te demonstreer dat die applikant gepoog het om die omvang van die aanvraag vir 'n bingosaal in die betrokke area te bepaal;
- (b) die fisiese adres van die perseel in of waarop die applikant onderneem om die besigheid te bedryf;
- (c) 'n aansoek om goedkeuring van die perseel in of waarop die applikant onderneem om die besigheid te bedryf, ingesluit 'n vloerplan van die betrokke bingosaal, wat die gebied aandui waarin die spel van bingo gespeel sal word;
- (d) skriftelike bevestiging van die betrokke munisipaliteit dat die voorgestelde bingosaal aan munisipale standaarde voldoen en dat die perseel gebruik mag word vir die voorgenome dobbelbesigheid;
- (e) indien beskikbaar, die tersaaklike sertifisering deur die SABS van alle bingotoerusting;
- (f) besonderhede met betrekking tot die eienaarskap van die bingotoerusting of van enige kontrak of ooreenkoms met 'n ander party in verband met die huur, uitlening of verhuring van die betrokke bingotoerusting;
- (g) besonderhede van die elektroniese-monitoringstelsel wat die applikant van voorneme is om te gebruik vir doeleindes om die Raad in staat te stel om die applikant se bedryf te monitor; en
- (h) enige ander inligting soos die Raad mag vereis.

#### **Minimum standaarde vir bingosaal**

**133.(1)** Die perseel gebruik vir 'n bingosaal moet –

- (a) aan enige munisipale gesondheids- en veiligheidstandaarde voldoen;
- (b) ontwerp wees op sodanige wyse dat die area waarin dobbelary plaasvind nie toeganklik is vir persone onder die ouderdom van 18 jaar nie;
- (c) voldoende parkeerfasiliteite insluit in ooreenstemming met enige munisipale verordeninge; en
- (d) sekuriteitsreëlins insluit om die veiligheid van klante en werknemers en hul eiendom te verseker, ter bevrediging van die Raad.

(2) Die perseel gebruik vir 'n bingosaal moet ook voldoen aan enige ander standaard wat die Raad in sy reëls bepaal.

#### **Gronde vir weiering van bingolisensie**

**134.** Die Raad moet nie 'n aansoek vir 'n bingolisensie toestaan nie indien die voorgestelde perseel nie aan die minimum standaarde voldoen nie soos bedoel in regulasie 133 of is, in die opinie van die Raad, andersins nie geskik vir die doeleindes van 'n bingosaal nie.

*Deel 2**Bingo: Wedgeld, Pryse en Maksimum Getal Elektroniese Bingoterminalle***Wedgeld of deelnamegeld ten opsigte van bingo**

**135.**(1) Die maksimum bedrag wat op 'n enkelspel van bingo gewed mag word, deur 'n speler van 'n bingospel, is R200,00.

(2) Vir die doeleindes van hierdie regulasie is die wedgeld op 'n enkelspel van bingo die totale bedrag gespandeer deur 'n speler van 'n enkelspel van bingo, hetsy op bingokaarte of soortgelyke toestelle.

**Pryse ten opsigte van bingo**

**136.** Die persentasie van teoretiese opbrengs aan 'n speler van die spel van bingo moet nie minder as 70 persent wees nie.

**Maksimum getal elektroniese bingoterminalle**

**137.**(1) Die maksimum getal elektroniese bingoterminalle wat beskikbaar gestel mag word vir spel in enige bingosaal, is óf 150 óf so 'n maksimum soos voorgeskryf mag word ingevolge die Nasionale Dobbeltwet, afhangende van watter voorgeskrewe maksimum die minste van die twee is.

(2) Indien die maksimum getal elektroniese bingoterminalle wat beskikbaar gestel mag word vir spel in enige bingosaal, soos voorgeskryf ingevolge die Nasionale Dobbeltwet, minder as 150 is, is 'n bingosaal gemagtig deur 'n lisensie in die Provinsie om meer elektroniese bingoterminalle as die nasionale maksimum beskikbaar te stel, moet binne 18 maande na die inwerkingtreding van die nasionale maksimum, die getal elektroniese bingoterminalle beskikbaar in sodanige bingosaal verminder tot die nasionale maksimum getal, of tot 'n laer getal.

*Deel 3**Bingo: Registrasie, Deregisrasie en Instandhouding van Bingotoerusting, Spelle en Verwante Toerusting***Bingo- en verwante toerusting moet voldoen aan SABS of Raad standaard**

**138.**(1) 'n Bingolisensiehouer moet, voor die aansoek doen om die registrasie van enige bingotoerusting, verseker dat –

- (a) alle bingotoerusting gespesifiseer in sy of haar lisensie, onderhewig aan die bepalings van subregulasie (2), gesertifiseer is deur die SABS as in ooreenkoms met die toepaslike deel van SABS Standaard SABS 1718; en
- (b) die Raad voorsien is van die betrokke SABS sertifisering.

(2) Die Raad mag 'n standaard vir enige bingotoerusting bepaal wat nie onder die SABS standaard vir bingotoerusting, verwys na in subregulasie (1)(a), val nie.

### **Aansoek om registrasie, deregistrasie of hernuwing van bingo- en verwante toerusting**

**139.(1)** By ontvangs van sertifisering deur SABS of die Raad op die wyse bedoel in regulasie 138, moet 'n bingolisensiehouer by die Raad aansoek doen, in 'n vorm bepaal deur die Raad in sy reëls, om die registrasie van enige bingotoerusting en verwante toerusting, wat van die aard is soos gesertifiseer deur die SABS of die Raad.

(2) Die Raad mag, onderhewig aan regulasie 142 bingotoerusting goedkeur en registreer wat gesertifiseer is soos bedoel in regulasie 138(1)(a), of wat bevind is as in nakoming met 'n standaard vir bingotoerusting bedoel in regulasie 138(2).

(3) Alle bingotoerusting en verwante toerusting goedgekeur en geregistreer deur die Raad moet –

- (a) gespesifiseer word in die betrokke bingolisensie;
- (b) ingesluit wees in die Raad se rekords; en
- (c) die Raad se registrasienommer op 'n opsigtelike plek vertoon.

(4) 'n Bingolisensiehouer mag, te enige tyd en sonder die betaal van enige fooi, in 'n vorm bepaal deur die Raad, aansoek doen by die Raad om die deregistrasie van bingotoerusting of verwante toerusting geregistreer ingevolge subregulasie (1).

### **Bedryf en instandhouding van geregistreerde bingo- en verwante toerusting**

**140.** 'n Bingolisensiehouer moet –

- (a) nie die bedryf van enige bingotoerusting of verwante toerusting geregistreer in ooreenstemming met die bepalings van regulasie 138, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad, wysig nie; en
- (b) verseker dat alle bingotoerusting in stand gehou word in 'n geskikte toestand, hetsy deur eie pogings, of deur die gebruikmaking van die dienste van 'n geregistreerde instandhoudingsverskaffer.

### **Rekords gehou deur bingolisensiehouer**

**141.** 'n Bingolisensiehouer moet 'n rekord hou van alle bingotoerusting en verwante toerusting geregistreer in ooreenstemming met die bepalings van regulasie 138, ingeluit vervaardiger, aankoopdatum, reeksnommer, registrasienommer van Raad en deregistrasiedatum deur Raad.

### **Toerusting om met goedgekeurde moniteringstelsel te kommunikeer**

**142.** Indien die Raad 'n moniteringstelsel vir bingotoerusting goedgekeur het, moet alle bingotoerusting beskikbaar gestel vir spel in staat wees om met sodanige goedgekeurde moniteringstelsel te kommunikeer.

73

*Deel 4**Bingo: Interne Beheer***Minimum bedryf- en interne beheerstandaarde**

**143.**(1) Die Raad moet reëls uitvaardig om voorsiening te maak vir –

- (a) minimum bedryfstandaarde vir bingosale; en
- (b) interne beheerprosedures vir bingosaal bedrywe.

(2) Die reëls bedoel in subregulasie (1) moet, betreffende die gelisensieerde bingosale, so ontwerp wees om redelik te verseker dat –

- (a) bates beveilig is;
- (b) finansiële verslae akkuraat en betroubaar is;
- (c) transaksies slegs verrig word in ooreenstemming met bestuur se algemene of spesifieke magtiging;
- (d) transaksies voldoende aangeteken word ten einde behoorlike verslaggewing van dobbelinkomste en van fooie en belasting toe te laat; en
- (e) funksies, pligte en verantwoordelikhede toepaslik toegeken en verrig word in ooreenstemming met gesonde praktyke deur bevoegde, gekwalifiseerde personeel.

**Minimum interne beheer**

**144.** 'n Bingolisensiehouer moet, in ooreenstemming met die reëls uitgevaardig deur die Raad, administratiewe- en rekenkundige prosedures daarstel vir die doel om sy of haar aanspreeklikheid vir belasting en gelde kragtens die Wet te bepaal en vir die doel om doeltreffende beheer oor sy of haar finansiële sake uit te oefen.

**Interne beheerstelsel goedgekeur deur Raad**

**145.**(1) 'n Bingolisensiehouer en 'n applikant om 'n bingolisensie moet –

- (a) omvattende administratiewe- en rekenkundige prosedures dokumenteer; en
- (b) 'n afskrif daarvan by die Raad indien vir goedkeuring voor implementering van die stelsel.

(2) Elke interne beheerstelsel ingedien vir goedkeuring soos bedoel in subregulasie (1), moet insluit –

- (a) 'n organisatoriese diagram wat skeiding van funksies en verantwoordelikhede aandui;
- (b) 'n beskrywing van die pligte en verantwoordelikhede van elke persoon aangedui op die organisatoriese diagram;
- (c) 'n omvattende, verhalende beskrywing van die administratiewe- en rekenkundige prosedures ontwerp om te voldoen aan die vereistes van regulasies 144 en 147;
- (d) 'n brief deur 'n onafhanklike geoktrooieerde rekenmeester wat verklaar dat die interne beheerstelsels hersien is deur die rekenmeester en voldoen aan die vereistes van hierdie Deel; en
- (e) sodanige verdere inligting soos die Raad mag vereis.



(3) Indien die Raad bepaal dat 'n applikant of lisensiehouer se interne beheerstelsel nie voldoen aan die vereistes van hierdie Deel nie, moet die Raad die applikant of lisensiehouer ooreenkomstig, en op skrif, in kennis stel.

(4) Binne 30 dae na ontvangs van die kennisgewing bedoel in subregulasie (3), moet die applikant of lisensiehouer sy of haar interne beheerstelsel ooreenkomstig wysig, en moet 'n afskrif van die gewysigde stelsel by die Raad ingedien word vir goedkeuring.

#### **Wysiging van bestaande interne beheerstelsel**

**146.(1)** Indien die houër van 'n bingolisensie verlang om die interne beheerstelsel te wysig, moet sodanige lisensiehouer, voor die implementering van sodanige gewysigde stelsel, 'n afskrif van die geskrewe interne beheerstelsel, soos gewysig, indien by die Raad vir goedkeuring.

(2) Die bepalings van regulasie 145(2) tot (4) is van toepassing, met die nodige veranderinge aan 'n aansoek om goedkeuring bedoel in subregulasie (1).

#### *Deel 5*

#### *Bingo: Rekenkundige Rekords en Opgawes*

#### **Rekenkundige rekords**

**147.(1)** 'n Bingolisensiehouer moet, op sodanige manier soos die Raad mag goedkeur of vereis, akkurate, volledige, leesbare en permanente rekords van al sy transaksies hou.

(2) 'n Bingolisensiehouer moet –

- (a) algemeen-aanvaarde rekenkundige rekords hou op 'n dubbelinskrywing-rekenkundigestelsel; en
- (b) omvattende, ondersteunende en aanvullende rekords byhou wat inkomste, uitgawes, bates, laste en aandele identifiseer, en enige ander rekords wat die Raad spesifiek vereis om in stand gehou te word.

#### **Geouditeerde finansiële verslae**

**148.(1)** Ten einde om te voldoen aan subregulasie (3) moet elke houër van 'n bingolisensie, aan die einde van sodanige lisensiehouer se finansiële jaar, jaarlikse finansiële verslae voorberei of teweegbring om voorberei te word in 'n formaat goedgekeur of vereis deur die Raad wat in ooreenstemming moet wees met verslae van die Algemene Aanvaarde Rekenkundige Praktyk.

(2) Elke bingolisensiehouer moet 'n onafhanklike ouditeur, geregistreer as betrokke by openbare praktyk ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991), aanstel om die finansiële state van sodanige lisensiehouer se bingo- en

beperkte uitbetaalmasjienbedryf te ouditeer in ooreenstemming met algemeen-aanvaarde ouditeerstandaarde.

(3) 'n Bingolisensiehouer moet, binne drie maande vanaf die laaste dag van die finansiële jaar, by die Raad twee afskrifte van die jaarlikse finansiële verslae indien wat na behore geouditeer is in ooreenstemming met die bepalings van subregulasie (2), tesame met enige verslae, ingesluit bestuursbriewe, wat die uitslag kommunikeer.

(4) Die Raad mag bykomende inligting of dokumente aanvra van òf die bingolisensiehouer òf die ouditeur betrokke by sodanige lisensiehouer, in verband met die finansiële verslae of die dienste verrig deur sodanige ouditeur.

#### **Ander rekords**

**149.(1)** Elke bingolisensiehouer, wat 'n maatskappy is, moet by sodanige lisensiehouer se bingosaal of geregistreerde kantore hou, en moet aan die Raad voorsien, op sy versoek, die volgende rekords of dokumente of ekwivalent –

- (a) 'n afskrif van die memorandum en statute van verwantskap van die maatskappy, ingeluit enige wysigings;
- (b) 'n afskrif van die besigheid se aanvangs-sertifikaat om besigheid te begin;
- (c) 'n register van alle huidige en voormalige beamptes en direkteure;
- (d) notules van alle vergaderings van die aandeelhouers;
- (e) notules van alle vergaderings van die direkteure en komitees van die Raad van direkteure;
- (f) 'n register van alle aandeelhouers wat 'n lys bevat met elke aandeelhouer se naam, adres, die getal aandele in besit en die datum waarop die aandele verkry is; en
- (g) enige ander rekords wat die Raad, van tyd tot tyd, spesifiek mag vereis om bygehou te word.

(2) 'n Bingolisensiehouer wat 'n natuurlike persoon is moet sodanige dokumente en rekords byhou soos deur die Raad bepaal mag word.

#### **Opgawes ingedien**

**150.** Elke bingolisensiehouer moet, in 'n formaat bepaal deur die Raad, sodanige inligting na sodanige tydsverloop as wat die Raad mag bepaal, indien.

#### *Deel 6*

#### *Bingo: Diverse*

#### **Indiening van sekuriteit**

**151.(1)** Elke bingolisensiehouer moet, onmiddellik na die toestaan van 'n lisensie en voor die aanvang van besigheid, sekuriteit indien by die Hoof-Uitvoerende Beampte, in 'n vorm

bedoel in subregulasie (2) en ten sodanige bedrae soos die Raad van tyd tot tyd mag bepaal vir die betaling van –

- (a) enige fooie, belasting of boetes; en
- (b) enige prysgelde verskuldig aan 'n speler

(2) Die sekuriteit bedoel in subregulasie (1) moet bestaan uit –

- (a) 'n kontantdeposito;
- (b) 'n bankierswaarborg; of
- (c) sodanige ander vorm van sekuriteit soos die Raad mag bepaal.

(3) Die Raad mag van 'n bingolisensiehouer vereis –

- (a) om een of meer bestaande sekuriteite te vervang met ander sekuriteite; of
- (b) om bykomende sekuriteite te voorsien.

(4) Die bingolisensiehouer moet, ten tye van indiening van sekuriteit, die Raad voorsien van skriftelike magtiging wat die Raad volmag gee om van soveel moontlik van die sekuriteite ingedien te verkoop, tegelde te maak, af te koop en oordrag van soveel van die sekuriteite soos die Raad nodig mag ag om enige gelde verskuldig aan die Provinsiale Inkomstefonds of aan 'n speler namens die bingolisensiehouer oor te betaal.

(5) Die Hoof-Uitvoerende Beampte moet, by die vervalling, nie-hernuwing of kansellasië van 'n lisensie of 'n bingolisensiehouer, enige sekuriteite ingedien deur die bingolisensiehouer, of gedeelte van sodanige sekuriteite soos wat oorgebly het na die skuld bedoel in subregulasie (4) gedebiteer is, terugbesorg.

## HOOFSTUK 9 VERMAAKLIKHEIDSMASJIENE

### *Deel 1*

#### *Vermaaklikheidsmasjiene: Regulerings van Vermaaklikheidsmasjiene*

#### **Regulasies nie van toepassing op sekere persone nie**

**152.** Die bepalings van hierdie Deel van die regulasies is nie van toepassing op enige persoon –

- (a) wat 'n vermaaklikheidsmasjien vervaardig, monteer, herstel of versien nie; en
- (b) wat sodanige masjiene aanhou op 'n wyse dat dit net beskikbaar is vir verkope of vir die doeleindes om herstel of versien te word en word op geen manier beskikbaar gestel om gespeel te word nie.

#### **Aanskaffing van vermaaklikheidsmasjiene**

**153.** Enige persoon wat 'n vermaaklikheidsmasjien aanskaf moet, voor sodanige masjiene beskikbaar gestel word vir spel, by die Raad aansoek doen, op die wyse voorgeskryf in

hierdie Deel van die regulasies, om sodanige masjien te laat registreer en vir magtiging om sodanige masjien beskikbaar te stel vir spel.

#### **Beperkings op aanhou en beskikbaar stel van vermaaklikheidsmasjiene**

**154.**(1) 'n Persoon mag nie 'n vermaaklikheidsmasjien aanhou of beskikbaar stel vir spel nie tensy gemagtig deur die Raad om so te mag doen op die wyse voorgeskryf in sy Reëls en tensy sodanige vermaaklikheidsmasjien geregistreer is by die Raad op die wyse voorgeskryf in regulasie 155.

(2) 'n Vermaaklikheidsmasjien mag beskikbaar gestel word op dieselfde perseel as dobbeltoerusting slegs indien –

- (a) die persoon wat magtiging het om sodanige masjien aan te hou ook die houër van 'n casinolisensie, bingolisensie, onafhanklike perseeloperateurslisensie, of perseeloperateurslisensie is; en
- (b) enige dobbeltoerusting teenwoordig op sodanige perseel nie toeganklik is nie tot persone onder die ouderdom van 18 jaar wat vermaaklikheidsmasjiene op sodanige perseel speel.

(3) Indien 'n persoon wat 'n vermaaklikheidsmasjien speel geregtig is op 'n prys as beloning vir suksesvolle spel of die bedryf of spel en bedryf van vermaaklikheidsmasjien, mag sodanige prys nie afgekoop word vir kontant, of omgesit word in kontant, deur enige persoon nie.

#### **Aansoek om registrasie van vermaaklikheidsmasjien**

**155.**(1) Enige persoon wat –

- (a) 'n vermaaklikheidsmasjien besit; of
- (b) 'n vermaaklikheidsmasjien beskikbaar stel vir spel,

moet by die Raad aansoek doen, in 'n vorm bepaal deur die Raad in sy reëls, vir sodanige masjien om geregistreer te wees.

(2) Die Raad moet, by die toestaan van 'n aansoek bedoel in subregulasie (1), die applikant voorsien van 'n registrasiesertifikaat, welke registrasiesertifikaat moet bevat, maar nie beperk sal wees nie tot, die volgende inligting –

- (a) 'n volledige beskrywing van elke vermaaklikheidsmasjien gelys in die registrasiesertifikaat tesame met die registrasienommer wat die Raad aan elke vermaaklikheidsmasjien toegeken het;
- (b) die fisiese adres waar elke vermaaklikheidsmasjien gehou word en beskikbaar gestel word vir spel, of gehou sal word en beskikbaar gestel sal word vir spel;
- (c) volledige maatskappybesonderhede van, of die naam, identiteitsnommer en fisiese adres van die eienaar van elke vermaaklikheidsmasjien; en

(d) volledige maatskappybesonderhede van, of die naam, identiteitsnommer en fisiese adres van die persoon wat die vermaaklikheidsmasjien beskikbaar stel vir spel.

**Vermaaklikheidsmasjien moet registrasienuommer vertoon**

156.(1) Die eienaar van 'n vermaaklikheidsmasjien moet verseker dat elke vermaaklikheidsmasjien, gespesifiseer in die registrasiesertifikaat, op 'n opsigtelike plek die registrasienuommer toegeken daaraan deur die Raad vertoon.

(2) Enige persoon wat 'n registrasienuommer deur die Raad toegeken in ooreenstemming met hierdie regulasie op 'n masjien, apparaat of toestel aanbring wat nie deur die Raad geregistreer is nie ingevolge hierdie Deel van die regulasies nie, is skuldig aan 'n misdryf.

**Vermaaklikheidsmasjien aangehou en beskikbaar gestel by plek gespesifiseer in registrasiesertifikaat**

157.(1) 'n Vermaaklikheidsmasjien mag slegs aangehou en beskikbaar gemaak word vir spel by die fisiese adres gespesifiseer in die registrasiesertifikaat: Met dien verstande dat 'n vermaaklikheidsmasjien verskuif mag word na 'n ander adres sodra die Raad in kennis gestel is daarvan, skriftelik, deur die persoon gemagtig om sodanige vermaaklikheidsmasjien aan te hou en beskikbaar te stel en by erkenning van sodanige kennisgewing deur die Raad, skriftelik, voor die verwydering van sodanige masjien.

(2) Die Raad moet, teen geen koste, die registrasiesertifikaat wysig wanneer ook al 'n masjien verskuif word na 'n ander fisiese adres in ooreenstemming met die voorbehoud van subregulasie (1).

**Wysiging van registrasie of magtiging om vermaaklikheidsmasjien aan te hou en beskikbaar te stel**

158. Enige persoon wat 'n registrasiesertifikaat vir 'n vermaaklikheidsmasjien aanhou, of enige persoon wat gemagtig is om vermaaklikheidsmasjiene aan te hou en beskikbaar te stel, in ooreenstemming met hierdie Deel van die regulasies, mag te enige tyd en na die betaling van die fooi voorgeskryf in Bylae 2 tot die Wet, by die Raad aansoek doen om –

- (a) wysiging van die registrasiesertifikaat; of
- (b) die wysiging van die magtiging om vermaaklikheidsmasjiene aan te hou en beskikbaar te stel.

**Raad se bevoegdheid om aansoek toe te staan of te weier**

159.(1) Die Raad mag –

- (a) 'n aansoek om registrasie van 'n vermaaklikheidsmasjien toestaan; of
- (b) 'n aansoek om magtiging om vermaaklikheidsmasjiene aan te hou en beskikbaar te stel toeken,

onderhewig aan enige voorwaardes soos hy mag neerlê.

- (2) Die Raad moet 'n aansoek om registrasie van 'n vermaaklikheidsmasjien, of 'n aansoek om magtiging om vermaaklikheidsmasjiene aan te hou of beskikbaar te stel weier, indien –
- (a) die inligting vervat in die aansoek nie volledig is nie; of
  - (b) die Raad van oordeel is dat die betrokke toestel beskou moet word as dobbeltoerusting, eerder as 'n vermaaklikheidsmasjien.

### **Registrasiesertifikaat en magtiging opvallend vertoon**

160. 'n Registrasiesertifikaat en die skriftelike magtiging deur die Raad om vermaaklikheidsmasjiene aan te hou en beskikbaar te stel vir spel moet opvallend vertoon word in 'n opsigtelike plek op die perseel waar sodanige vermaaklikheidsmasjiene aangehou word en beskikbaar gestel word vir spel.

## **HOOFSTUK 10 WEDDERY**

### *Deel 1*

#### *Weddery: Aansoek om Beroepswedderslisensie*

### **Verkoop van beroepswedderereg deur Raad**

161.(1) Wanneer ook al 'n beroepswedderereg uit die weg geruim moet word ingevolge artikels 7(2)(d), 45(7), 99(8)(b) of 99(11)(b) van die Wet, moet die Raad van sodanige reg ontslae raak deur openbare tender.

(2) Enige uitnodiging om te tender en enige toekenning van 'n beroepswedderereg voortspruitend uit sodanige tender moet deur die Raad gepubliseer word in die *Koerant*.

(3) Die uitnodiging, publikasie, beregting en toekenning van 'n tender bedoel in subregulasie (1), moet gebaseer wees op –

- (a) bepaling van 'n rangorde en kategorisering van bieërs in ooreenstemming met die nasionale wet op breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging; en
- (b) 'n toekenning van die tender aan die hoogste bieër binne daardie kategorie van bieërs hoogste op die rangorde van breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging.

### **Aansoek om, oorplasing van eienaarskap en hernuwing van beroepswedderslisensie**

162.(1) Enige persoon wat verlang om 'n beroepswedderslisensie te bekom moet by die Raad aansoek doen om 'n beroepswedderslisensie op die wyse bepaal deur die Raad in sy Reëls.

(2) Die bepalings van Dele 1, 2, 3 en 4 van Hoofstuk 2 van die regulasies is van toepassing, met die nodige veranderinge, op 'n persoon wat aansoek doen om 'n beroepswedderslisensie.

(3) Bykomend tot enige inligting wat vereis word van 'n applikant om 'n beroepswedderslisensie om te voorsien, ingevolge die bepalings van hierdie regulasies, moet die applikant die Raad voorsien van –

- (a) die fisiese adres van die perseel in- of waarop die applikant beoog om die besigheid as 'n beroepswedder te bedryf;
- (b) 'n vloerplan van die betrokke perseel met 'n omvattende beskrywing van die gebied waar voornemende wedderytransaksies sal plaasvind;
- (c) goedkeuring van die plaaslike owerheid vir die betrokke perseel; en
- (d) enige ander inligting wat die Raad mag vereis.

(4) Die bepalings van regulasie 24 is van toepassing op die oordrag van eienaarskap van 'n beroepswedderbesigheid vanaf 'n natuurlike persoon na 'n korporatiewe liggaam, hetsy of nie sodanige korporatiewe liggaam die eiendom is, in geheel of gedeeltelik, van die natuurlike persoon.

(2) Nieteenstaande regulasie 28(6), moet enige beroepswedderbesigheid wat bedryf word, aansoek doen by die Raad om die hernuwing van die beroepswedderslisensie, nie later nie as 31 Oktober van die jaar waarin die Wet in werking tree.

## *Deel 2*

### *Weddery: Diverse Aangeleenthede Betreffende Beroepswedders*

#### **Wedkamerperseel**

**163.**(1) 'n Beroepswedderbesigheid moet 'n primêre wedkamerperseel aanskaf en in stand hou vir elke betrokke beroepswedderreg, binne die area bepaal deur die Raad vir sodanige beroepswedderreg.

(2) Geen beroepswedderbesigheid mag vanaf enige perseel bedryf word sonder die vooraf goedkeuring van die perseel deur die Raad nie.

(3) Die pligte neergelê deur hierdie Regulasies is gesamentlik van toepassing indien meer as een beroepswedderbesigheid vanaf dieselfde primêre wedkamerperseel bedryf word.

(4) 'n Beroepswedderbesigheid wat nie in staat is om vanaf sy primêre wedkamerperseel bedryf te word nie, moet –

- (a) 'n skriftelike aansoek by die Raad indien om goedkeuring vir die tydelike bedryf van die beroepswedderbesigheid vanaf 'n ander perseel; en
- (b) tegelykertyd die aansoekfooi voorgeskryf in Bylae 2 van die Wet betaal.

(5) 'n Aansoek gedoen soos bedoel in subregulasie (4), moet motivering en enige ander inligting of dokumentasie, soos vereis deur die Raad, insluit.

(6) 'n Beroepswedderbesigheid wat magtiging verlang om vanaf 'n tydelike perseel besigheid te bedryf terwyl besigheid vanaf primêre wedkamerperseel voortduur, moet die Raad voorsien van –

- (a) skriftelike motivering ten opsigte van die redes vir die behoefte om vanaf 'n tydelike perseel besigheid te bedryf terwyl die bedryf vanaf 'n primêre wedkamerperseel voortduur;
- (b) inligting betreffende die fisiese fasiliteite wat die tydelike beroepswedderbesigheid sal huisves, ingesluit die beroepswedderbesigheid se gerekenariseerde-rekordhoudingstelsel en verwante toerusting;
- (c) dokumentasie wat bewys dat die beroepswedder toestemming verkry het by die organiseerders van enige groot sportgebeurtenis of enige ander gebeurtenis of gebeurlikheid, om in 'n spesifieke spasiof plek te bedryf in noue nabyheid aan die plek waarby die groot sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid sal plaasvind;
- (d) skriftelike bevestiging deur die geleentheidsorganiseerders dat werknemers van die Raad vrye toegang sal verkry tot die fisiese adres wat die tydelike beroepswedderbedryf sal huisves;
- (e) bevestiging dat die situasie en die opset van die beroepswedderbesigheid se gerekenariseerde-rekordhoudingstelsel en verwante toerusting aan hierdie Regulasies voldoen; en
- (f) enige motivering, inligting en ondersteunende dokumente soos deur die Raad vereis mag word.

(7) Die Raad mag nie magtiging toestaan om vanaf 'n tydelike perseel werksaam te wees terwyl besigheid bedryf vanaf die primêre wedkamerperseel tydelik opgeskort is vir 'n tydperk van meer as 90 dae nie: Met dien verstande dat, in uitsonderlike omstandighede en by skriftelike aansoek deur die geaffekteerde beroepswedderbesigheid, die Raad 'n verdere verlenging mag toestaan.

(8) Die Raad mag nie magtiging toestaan om vanaf 'n tydelike perseel besigheid te bedryf nie, terwyl besigheid voortgaan om vanaf 'n primêre wedkamer perseel bedryf te word, vir 'n tydperk van meer as 40 dae.

(9) Indien 'n beroepswedderbesigheid verlang om weddertransaksies aan te gaan op 'n sekondêre wedkamerperseel, moet sodanige beroepswedderbesigheid eerstens aansoek doen, op skrif, by die Raad om die –

- (a) goedkeuring dat die natuurlike persoon beroepswedder of beroepswedder se bestuurder benoem deur die beroepswedderbesigheid, soos die geval mag wees, weddertransaksies mag aangaan vanaf sy of haar residensiële perseel, waar hy of sy normaalweg woonagtig is;
- (b) goedkeuring van die sekondêre wedkamerperseel;



(c) goedkeuring van die tipes toerusting wat gebruik word vir die doel om data van transaksies op die gerekenariseerde-rekordhoudingstelsel van die beroepswedderbesigheid vas te lê vanaf die sekondêre wedkamerperseel; en  
 (d) vir die werklike installering van sodanige toerusting by die sekondêre wedkamerperseel.

- (10) Enige toerusting goedgekeur deur die Komitee ingevolge subregulasie (9)(c) moet –
- (a) bedryf word op 'n wyse wat wesenlik dieselfde is as 'n gerekenariseerde terminaal wat normaalweg gebruik word in die beroepswedderbesigheid vir vaslegging van weddertransaksies by die beroepswedderbesigheid se primêre wedkamerperseel; en
  - (b) die beroepswedderbesigheid toelaat om weddertransaksies direk, deur afstandsbeheer en gebruik van die internet, op die beroepswedderbesigheid se gerekenariseerde-rekordhoudingstelsel vas te lê vanaf die beroepswedder se sekondêre wedkamerperseel.

(11) Goedkeuring deur die Raad vir die installering by, en die gebruik van, die gerekenariseerde-rekordhoudingstelsel vanaf die sekondêre wedkamerperseel moet aan die beroepswedderbesigheid gekommunikeer word, voordat die natuurlike persoon beroepswedder of beroepswedder se bestuurder benoem deur die beroepswedderbesigheid weddertransaksies mag aangaan vanaf enige sodanige perseel.

(12) 'n Beroepswedderbesigheid mag slegs weddertransaksies aangaan vanaf die sekondêre wedkamerperseel nadat die primêre wedkamerperseel gesluit is vir die publiek vir besigheid.

(13) Die besigheidsure waartydens die beroepswedderbesigheid se primêre wedkamerperseel oop is vir die publiek, mag, onderhewig aan munisipale wette, bepaal word deur die betrokke beroepswedderbesigheid.

### **Hervestiging van beroepswedderbesigheid op 'n ander perseel en ombouing van wedkamerperseel**

**164.(1)** Geen beroepswedderbesigheid mag –

- (a) vanaf 'n primêre wedkamerperseel hervestig word op 'n ander perseel; of
- (b) enige strukturele ombouing of aanbouing aan 'n primêre wedkamerperseel aanbring,

sonder die skriftelike vooraf goedkeuring van die Raad nie.

(2) 'n Aansoek om goedkeuring bedoel in subregulasie (1)(a) moet op skrif wees en moet vergesel gaan van 'n kaart wat die ligging van die perseel aandui en 'n vloerplan van die beoogde perseel waarheen die beroepswedderbesigheid hervestig sal word, met die voorgenome ombouings of aanbouings aangedui, indien toepaslik.

(3) 'n Aansoek om goedkeuring bedoel in subregulasie (1)(b) moet op skrif wees en moet vergesel gaan van 'n vloerplan van die goedgekeurde primêre wedkamerperseel wat voorgestelde ombouings of aanbouings aandui.

#### **Sekuriteit deur beroepswedders vir wedderyaanspreeklikhede**

**165.(1)** 'n Beroepswedderlisensiehouer mag nie met die bedryf van 'n beroepswedder voortgaan nie tensy sodanige beroepswedderbesigheid sekuriteit ingedien het by die Raad vir betaling van verpligtinge ten opsigte van wedderytransaksies.

(2) Die sekuriteit verwys na in subregulasie (1) mag nie teruggetrek of verminder word sonder die vooraf goedkeuring van die Raad nie.

(3) Die sekuriteit verwys na in subregulasie (1) moet bestaan uit –

- (a) 'n kontantdeposito;
- (b) 'n bankierswaarborg; of
- (c) sodanige ander bewyse van sekuriteit soos die Raad mag goedkeur.

#### **Wedderydispute**

**166.(1)** Die Raad mag enige wedderydispuut tussen 'n beroepswedderbesigheid en wedder, of tussen een beroepswedderbesigheid en 'n ander besleg.

(2) Enige wedder of beroepswedderbesigheid wat verlang om 'n wedderydispuut in te dien by die Raad moet –

- (a) so doen, op skrif, gerig aan die Hoof-Uitvoerende Beampte, binne 60 dae vanaf die datum waarop die dispuut ontstaan het; en
- (b) terselfdertyd volledige besonderhede van sodanige dispuut voorsien.

(3) Die Hoof-Uitvoerende Beampte mag vereis dat 'n wedder wat 'n wedderydispuut indien, ingevolge subregulasie (2), 'n deposito van R500,00 aan die Raad moet betaal.

(4) Die Hoof-Uitvoerende Beampte mag vereis dat 'n beroepswedder wat 'n weddery dispuut indien ingevolge subregulasie (2) 'n deposito van R2000,00 aan die Raad moet betaal.

(5) Die Hoof-Uitvoerende Beampte moet onmiddellik, by ontvangs van kennisgewing van sodanige dispuut, die besonderhede daarvan in 'n register aanteken wat vir daardie doel aangehou word.

(6) Werknemers van die Raad moet die dispuut ondersoek en 'n verslag van hul bevindings indien by die Raad.

(7) Die Raad, na die ontvangs van 'n verslag deur sy werknemers soos bedoel in subregulasie (6), moet –

- (a) 'n aanhoor betreffende die dispuut belê en hou; en
- (b) by die afloop van die aanhoor die dispuut besleg, soos bedoel in subregulasie (9).

(8) Indien enige betrokke in 'n wedderydispuut versuim om voor die Raad te verskyn na ontvangs van nie minder nie as 14 dae geskrewe kennisgewing om so te doen, mag die Raad voortgaan om die dispuut te oorweeg en besleg in sy of haar afwesigheid.

(9) Die Raad mag –

- (a) beveel dat enige deposito terugbetaal word, nadat die Raad die dispuut aangehoor het, of indien die dispuut teruggetrek is voordat die Raad dit aanhoor ten tye van ontvangs van die kennisgewing dat die dispuut teruggetrek is;
- (b) die verbeuring van enige betaalde deposito beveel indien die Raad die dispuut as onbenullig ag; of
- (c) 'n bevel gelas wat die wyse bepaal waarop die wedderydispuut bygelê moet word, ingesluit, *inter alia*, 'n bevel wat 'n wed ongeldig verklaar, of 'n gedeelte ongeldig verklaar, of 'n bevel wat die betaling bepaal van enige bedrag deur een party aan die ander.

(10) Die aantekening van 'n appèl teen die beslissing of bevel van die Raad gemaak ingevolge subregulasie (7) of (9), hef nie die toepassing van sodanige besluit of bevel op nie: Met dien verstande dat indien 'n beroepswedderybesigheid wat beveel is, deur 'n besluit geneem deur die Raad rakende 'n wedderydispuut, om enige wengelde of enige ander bedrag aan 'n wedder te betaal, die besluit appelleer, betaling van die wengelde of enige ander bedrag, moet deur sodanige beroepswedderybesigheid aan die Raad gemaak word om in 'n trust gehou te word, hangende die uitkoms van die appèl, waarop die Raad die wengelde of ander bedrag moet uitbetaal, hetsy aan die beroepswedderybesigheid òf die wedder, soos beveel deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

### **Onvereffende weddenskappe**

**167.(1)** Enige persoon wat 'n geldige eis teen 'n beroepswedderybesigheid het –

- (a) ten opsigte van 'n weddenskap wat sodanige beroepswedderybesigheid versuim het om te vereffen na 'n versoek om so te doen; of
- (b) wat versuim het om 'n eis te vereffen na 'n bevel van die Raad gemaak ingevolge regulasie 166(9)(c),

moet die omstandighede, op skrif, rapporteer aan die Hoof-Uitvoerende Beampte.

(2) Die Hoof-Uitvoerende Beampte, by ontvangs van die verslag bedoel in subregulasie (1), moet –

- (a) dit onmiddelik aanteken in 'n register aangehou vir daardie doel;
- (b) 'n ondersoek na die aangeleentheid gelas;

- (c) die verslag bedoel in subregulasie (1) indien; en
- (d) die uitslag van die ondersoek by die Raad indien sonder ophoud.

(3) Die Hoof-Uitvoerende Beampte, tydens die ondersoek bedoel in subregulasie (2)(b), moet die beroepswedderbesigheid die geleentheid bied om aangehoor te word.

(4) Indien, na 'n aanhoor gehou is vir die doel van oorweging van die verslag bedoel in subregulasie (1), en die uitslag van die ondersoek soos bedoel in subregulasie (2)(d), die Raad tevrede is dat die eis betaal moet word deur die beroepswedderbesigheid, mag die Raad die beroepswedderbesigheid beveel om die eis binne 24 uur te betaal.

(5) Die Raad mag 'n beroepswedder as wanbetaler verklaar indien die beroepswedderbesigheid versuim om aan die bevel bedoel in subregulasie (4) te voldoen.

(6) Indien 'n beroepswedderbesigheid verklaar is as wanbetaler ingevolge subregulasie (5) en indien die beroepswedderbesigheid nie onderhewig is aan finansiële likwidasië of sekwestrasie nie, mag die Raad –

- (a) alle sekuriteit, of soveel as moontlik van die sekuriteit, verskaf aan die Raad deur die beroepswedder ingevolge artikel 126(1)(c) van die Wet, soos wat nodig geag mag word, om 'n betaling te maak teen enige eis wat gelei het tot die bevinding van die beroepswedder as 'n wanbetaler; en
- (b) die beroepswedderslisensie opskort terwyl en vir solank as wat die beroepswedderbesigheid versuim om die sekuriteit wat vir hierdie doel gebruik is aan te vul.

#### **Beheer van vennootskappe wat beroepswedderbesighede bedryf**

**168.(1)** Terwyl 'n beroepswedderbesigheid voortgaan as 'n vennootskap van een of meer gelisensieerde beroepswedders –

- (a) is die vennote gesamentlik en elkeen op sigself aanspreeklik vir al die verpligtinge van die vennootskap; en
- (b) moet elke vennoot aan die vereistes betreffende sekuriteit en lisensies voldoen asof hy of sy besigheid bedryf vir sy of haar eie rekening.

(2) Indien 'n vennootskap van beroepswedders tegelyktydig besigheid bedryf in 'n enkel primêre wedkamerperseel en by enige ander goedgekeurde plek, moet sodanige vennootskap in stand hou –

- (a) een veldkaart –
  - (i) per perdewedren per plek;
  - (ii) per sportgebeurtenis per plek;
  - (iii) per ander gebeurtenis of gebeurlikheid per plek; en
- (b) een toonbankboek.

(3) Indien een of meer beroepswedders besigheid voortsit in vennootskap, moet hulle, op aandrang van die Raad, onmiddellik 'n gesertifiseerde afskrif van die betrokke vennootskaps-ooreenkoms voorlê.

(4)(a) Indien 'n vennootskap van beroepswedders sy besigheid bedryf vanaf 'n enkel wedkamerperseel, moet sodanige vennootskap nie meer as een gerekenariseerde-rekordhoudingstelsel bedryf en in stand hou nie, wat slegs een enkele stel van die voorgeskrewe beroepsweddersrekords en inkomstebelastingopgawes lewer.

(b) Alle boeke, rekords, verslae, opgawes, weddenskapborde en advertensies van sodanige vennootskap moet die naam van die vennootskap en die name van die vennote reflekteer.

(c) Geen weddenskappe mag tussen die vennote of deur enige vennoot met die vennootskap aangegaan word nie.

(5) Die Raad, mag, te enige tyd, en met goeie beweegrede bewys, sodanige voorwaardes neerlê op die lisensies van die beroepswedders wat 'n beroepswedderbesigheid as 'n vennootskap bedryf, soos wat hy nodig mag ag.

(6) Sou dit gebeur dat die vennote van voorneme is om 'n vennootskap van gelisensieerde beroepswedders te beëindig, moet die betrokke vennote die Raad onmiddellik, skriftelik, in kennis stel van hulle voorneme om so te doen.

(7) Onderhewig aan die bepalings van die Wet, in die geval van die dood van 'n gelisensieerde beroepswedder wat in vennootskap besigheid gedoen het, mag enige oorlewende vennoot of vennote binne die vennootskap voortgaan om die beroepswedderbesigheid te bedryf.

#### **Wanbetalende wedder**

**169.**(1) Die Raad mag 'n wedder as 'n wanbetaler verklaar indien die Raad tevrede is, na behoorlike ondersoek, dat die wedder versuim het om die beroepswedder enige bedrag geskuld te betaal ten opsigte van 'n weddenskap aangegaan deur hom of haar met sodanige beroepswedder.

(2) Wanneer ook al die Raad 'n wedder verklaar het as 'n wanbetaler, moet die Raad 'n kennisgewing stuur aan elke gelisensieerde beroepswedder en wedrenklub in die Provinsie.

(3) 'n Beroepswedderbesigheid wat die kennisgewing bedoel in subregulasie (2) ontvang het, moet dit in 'n opsigtelike plek vertoon in die primêre wedkamer, tot sodanige tyd wanneer sodanige beroepswedderbesigheid deur die Raad, ingevolge subregulasie (5)(b), beveel word om dit te verwyder, waarby sodanige beroepswedderbesigheid moet voldoen aan sodanige bevel sonder oponthoud.

(4) By die ontvangs van 'n kennisgewing bedoel in subregulasie (2), moet enige beroepswedderbesigheid aan wie sodanige wedder verskuldig is ten opsigte van weddenskappe aangegaan met sodanige beroepswedderbesigheid, moet die Raad onmiddellik ingelig word oor die besonderhede van sodanige skuldslas.

- (5) (a) Enige wedder wat deur die Raad bevind is as 'n wanbetaler mag nie enige perseel –
- (i) gelisensieer as 'n wedrenbaan ingevolge die Wet; of
  - (ii) enige perseel waarop 'n gelisensieerde beroepswedderbesigheid bedryf word, betree of op teenwoordig wees nie tot sodanige stadium wat al sy of haar aanspreeklikheid vir skuld aan die beroepswedders nagekom is en die Raad tevrede is dat hy of sy 'n geskikte en gepaste persoon is om weddenskappe te hervat.
- (b) Wanneer die Raad tevrede is, soos bedoel in paragraaf (a), moet hy onmiddellik elke gelisensieerde beroepswedderbesigheid beveel om die kennisgewing bedoel in subregulasie (2) te verwyder.

#### **Sekuriteit vir belasting**

**170.**(1) Die sekuriteit wat ingedien moet word deur 'n beroepswedderbesigheid vir die betaling van belasting soos voorgeskryf in die KwaZulu-Natal Belastingwet op Dobbelay en Weddery, 2010, moet wees vir sodanige bedrag soos bepaal mag word deur die Raad en moet bestaan uit –

- (a) 'n kontantdeposito;
- (b) 'n bankierswaarborg; of
- (c) sodanige ander vorm van sekuriteit wat die Raad mag goedkeur.

(2) Die Raad mag sodanige bedrag van die ingediende sekuriteit verkoop of verwesentlik soos nodig mag wees om enige skuldlaste aan die Provinsiale Inkomstefonds af te los.

#### **Goedkeuringsprosedure: Ander gebeurtenisse en gebeurlikhede**

**171.**(1) Enige persoon wat verlang van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad om 'n beslissing te maak rakende 'n gebeurtenis of gebeurlikheid moet 'n aansoek, op skrif, indien by die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

- (2) 'n Skriftelike aansoek bedoel in subregulasie (1) moet ten minste die volgende insluit –
- (a) die beroep, naam, posadres en ander kontakbesonderhede van die applikant;
  - (b) 'n duidelike, volledige en saaklike beskrywing van die aard van die gebeurtenis of gebeurlikheid waarvoor die beslissing versoek word;
  - (c) inligting rakende enige organisasie wat, op enige manier, die gebeurtenis of gebeurlikhede beheer waarvoor die beslissing versoek word;
  - (d) motivering dat die handeling van weddery op die gebeurtenis of gebeurlikheid waarvoor die beslissing versoek word, nie aanstoot sal gee aan openbare morele waardes nie;

- (e) motivering dat die handeling van weddery op die gebeurtenis of gebeurlikheid waarvoor die beslissing versoek word, nie die gebeurtenis of gebeurlikheid onredelik sal blootstel aan of ontvanklik maak vir die manipulasie van die verslag of uitkomste daarvan, of vir ander dade van bedrog of korrupsie nie; en
- (f) motivering dat die gebeurtenis of gebeurlikheid waarvoor die beslissing versoek word, integriteit en deursigtigheid aan die dag lê en nie wedders sal mislei of op enige ander wyse onregverdiglik benadeel nie.

(3) Enige beslissing gemaak deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet uitgereik word deur middel van 'n kennisgewing gepubliseer in die *Provinsiale Koerant*.

(4) Die datum van inwerkingtreding van 'n bepaling deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad soos bedoel in hierdie regulasie is die publikasiedatum van die *Provinsiale Koerant* waarin die betrokke kennisgewing gepubliseer is.

**Persone nie toegelaat om te wed nie: Perdewedrenne, sportgebeurtenisse en ander gebeurtenisse of gebeurlikhede**

172.(1) Geen persoon wat aan enige sportkode deelneem as –

- (a) 'n speler, ruiter, bestuurder, spanlid of soortgelyke deelnemer;
- (b) 'n skeidsregter, lynregter, assistent-skeidsregter, beoordelaar of soortgelyke deelnemer;
- (c) 'n span-afrigter, span- of spelerbestuurder, opleier of soortgelyke deelnemer; of
- (d) 'n span-eienaar, honde-eienaar of soortgelyke deelnemer,

mag wed op enige sportgebeurtenis waaraan –

- (i) daardie persoon;
- (ii) 'n span wat die persoon bestuur, besit, oplei of afrig;
- (iii) 'n speler, ruiter, bestuurder, spanlid of soortgelyke deelnemer wat die persoon bestuur, oplei of afrig; of
- (iv) 'n dier wat daardie persoon besit, oplei of afrig,

deelneem nie.

(2) Geen persoon wat deelneem aan enige gebeurtenis of gebeurlikheid as –

- (a) 'n speler, spanlid, mededinger of soortgelyke deelnemer;
- (b) 'n vervaardiger, geleentheidsorganiseerder, skeidsregter, beoordelaar of soortgelyke deelnemer; of
- (c) 'n span-afrigter, span-eienaar, 'n speler of spanlid se bestuurder, 'n mededinger se bestuurder of agent, of soortgelyke deelnemer,

mag wed op sodanige ander gebeurtenis of gebeurlikheid nie.

(3) Enige weddenskap aangegaan in teenstelling met hierdie regulasie is vernietigbaar deur 'n beroepswedder, deur 'n totalisatoroperateur of deur die Raad.

**Lys van beroepswedders ingedien deur renbaanoperateur**

173. 'n Lys van alle beroepswedders wat op 'n perdewedrenbaan besigheid bedryf het, moet, aan die einde van elke resiesdag, deur die betrokke renbaanoperateur by die Raad ingedien word.

*Deel 3**Weddery: Diverse Aangeleenthede Betreffende Totalisators***Totalisatorwedderystelsel**

174.(1) 'n Totalisatorlisensiehouer moet 'n totalisatorwedderystelsel, goedgekeur deur die Raad, gebruik vir die optekening van alle wedderytransaksies.

(2) Voor 'n totalisatorlisensiehouer gebruik maak van totalisatoroutomatieseverkoopmasjiene gekoppel aan sy totalisatorwedderystelsel om weddenskappe aan wedders uit te reik, moet die totalisatorlisensiehouer die Raad se goedkeuring verkry vir sodanige gebruik.

(3) Indien 'n toepaslike SABS standaard vir totalisatorwedderystelsels of totalisatoroutomatieseverkoopmasjiene bestaan, moet 'n totalisatorlisensiehouer 'n nakomingsertifikaat van sodanige standaard verkry en moet die totalisatorlisensiehouer by die Raad indien, tesame met sy aansoek om goedkeuring van sy totalisatorwedderystelsel, of totalisatoroutomatieseverkoopmasjiene.

(4) Indien 'n toepaslike SABS standaard vir totalisatorwedderystelsels of totalisatoroutomatieseverkoopmasjiene nie bestaan nie, sal die Raad beide 'n standaard vir totalisatorwedderystelsels en totalisatoroutomatieseverkoopmasjiene bepaal, soos die geval mag wees, en die prosedure en dokumentasie wat deur die totalisatorlisensiehouer gebruik moet word om die aansoek om die goedkeuring van sy totalisatorwedderystelsel of totalisatoroutomatieseverkoopmasjiene.

(5) Alle verwante uitgawes vir die toetsing, sertifisering en goedkeuring van totalisatorwedderystelsels, of van totalisatoroutomatieseverkoopmasjiene, moet deur die persoon of organisasie wat die totalisatorwedderystelsel of totalisatoroutomatieseverkoopmasjiene indien by die SABS vir sertifisering en by die Raad vir goedkeuring, gedra word.

(6) 'n Totalisatorwedderystelsel moet, tydens sy normale besigheid, outomaties –

(a) datalêers skep wat sal dien as 'n volledig-geouditeerde bewys van elke weddenskap aangegaan op die stelsel en van elke gekanselleerde weddenskap;

(b) 'n rekord skep van elke weddenskap aangegaan op die stelsel, welke rekord die volgende minimum inligting moet insluit –

(i) die weddenskap-strokienummer ten opsigte van elke weddenskaps-transaksie;



